***HOOFSTUK 5***

***FABRIEKSWESE EN DIE HANDELSEKTOR***

***5.1 INLEIDING***

Dit is algemeen bekend dat daar onder meer na die fabriekswese as die sekondêre sektor en na handel as 'n deel van die tersiêre sektor verwys word. Beide sektore vorm saam die kern van hierdie hoofstuk.

In teenstelling met die handelsektor waar die lewering van dienste betrokke is[1] en die reeds sedert 1652 deel van die blanke ekonomie in die Kaap was, het die sekondêre sektor volgens Westerse patroon eers vanaf 1910 daadwerklik in Suid-Afrika ontwikkel,[2] en behels dit die verwerking van produkte vanuit die primêre sektor.[3]

In die Carletonville-omgewing het die landbou- eerder as die goudmynbedryf, wat saam die primêre sektor vorm, die aanvang van die tersiêre en sekondêre sektore gestimuleer. Weliswaar het die goudmynbedryf, vanweë sy teenwoordigheid en groei in die gebied na 1948, tot die snelle verandering, ontwikkeling en uitbreiding van ander plaaslike sektore bygedra.

Lank voor die Carletonville-gebied opmerklike ekonomiese groei getoon het, was sy bewoners hoofsaaklik op Potchefstroom vir handelsdienste aangewese. Bewoners van die wyke in die Potchefstroomse distrik gedurende die jare veertig tot sewentig van die

---

[1] J.A. Lombard en J.J. Stadler, *'n **Inleiding tot die ekonomiese beskrywing**,* p.207. Die lewering van dienste behels ander meet die dienste van groot- en kleinhandelaars, fmansfele, versekerings- en eiendomsinstansies, markte sowel as gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste. Kyk A.A. Ligthelm, ***'n Toepaslike ontwikkelingstrategie vir Suider-Afrika,*** p.58.

[2] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, ***Die verspreiding van sekondêre nywerhede in die Unie van Suid-Afrika,*** 1953, p.1 en A.L. Midler (red.), ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika**,* p.264. In 'n historiese konteks sou dit dus meer kopek wees om die tersiere voor die sekondêre sektor to bespreek.

[3] J.A. Lombard rn J.J. Stadler, ***'n Inleinding tot die ekonomiese beskrywing,*** p.207 en S.P. du T. Viljoen, "Die ontwikkeling en betekenis van die nywerheid", Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ***'n Halfeeu ekonomiese vooruitgang, 1909-1910 – 1959-1960,*** p.57. Die verwerking van produkte geskied onder meer via die fabriekwese, elektrisiteit-, gas- en watervoorsiening, sowel as deur die konstruksiebedryf. Kyk A.a. Lighthelm, ***'n Toepaslike ontwikkelingstrategie vir Suider-Afrika,*** p.58.

negentiende eeu moes hierheen vir onder meer die afhandeling van alle aankope en ander ekonomiese aktiwiteite gaan. Andersins is op die ongereelde besoeke van smouse aan die Gatsrand-wyk (Carletonville-omgewing) vir die aankoop of ruiling van produkte, goedere en snuisterye staatgemaak.[4]

Die wyk Gatsrand het gedurende die laaste drie dekades van die negentiende eeu wel enkele hotelle en 'n paar winkels bevat. Dit was hoofsaaklik aan die inisiatief van boere in die omgewing to danke. Teen 1928 het Hollandse immigrante hulle op die plaas Wonderfontein gevestig, en lewe in die plaaslike handel geblaas. Onder meer is die Adorp Ko-op kaasfabriek, en 'n hotel, genaamd Oranje-hotel, in die dertigerjare deur hulle begin. Minder as 'n dekade na die vestiging van die Hollanders het die goudmynbedryf in die gebied begin ontwikkel, en teen die laat-veertigerjare tot die groei van beide die sekondêre en tersiêre sektor bygedra.[5]

### *5.2 DIE BEPLANNING EN ONTWIKKELING VAN NYWERHEDE IN CARLETONVILLE*

Vooruitsigte vir industriële ontwikkeling in die omgewing van Carletonville het reeds voor 1948 'n aanvang geneem toe 37 erwe in Welverdiend en 24 erwe in Oberholzer vir ligte nywerhede deur die dorpsbeplanners beskikbaar gestel is.[6] Hierbenewens het die Gesondheidsraad se streeksplan vir die gebied gedurende die dekade vyftig ook een swaar nywerheidsdorp in die vooruitsig gestel.[7] Vlakplaats no. 112 IQ, oos van Carletonville-dorp, is as die aangewese plek in die omgewing hiervoor beskou, aangesien die ligging daarvan oënskynlik alle dorpe in die omgewing sou bevoordeel. Andersins is Varkenslaagte IQ 119, heel wes, deur sommige as 'n moontlikheid beskou waarby hoofsaaklik Carletonville,

---

[4] E. Rosenthal, Manne en maatskappye, pp.33-36 en E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948, pp.35-37.

[5] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand, pp.7-38.

[6] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Titelvoorwaardes, 1937-1960.

[7] Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Departement Justisie (JUS), Band 1052, lêer 21/733, Oberholzer inspeksieverslae: verslag, Departementete inspekteur A.J. van Niekerk, 4.3.1953, aanhangsel A, p.4 en Carletonville (Munisipaliteit), Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede (GBG), lêer T6/B(2), Town and Regional Planning Local Area Committee: Peri Urban Areas Health Board, report of the town planning officer on the basic principles underlying and the main proposals of the scheme, December 1952, p.26.

**Hollands-geïnspireerde sakebedrywighede te Wonderfontein voor 1948:**

*** Die Oranje Hotel**




*** Die Adorp Kaasfabriek**






Oberholzer en Welverdiend klaarblyklik sou baat.[8] Die doel van die Gesondheidsraad en Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH) ten opsigte van nywerheidsontwikkeling vir die gebied was om 'n ekonomies gebalanseerde gemeenskap, eerder as 'n eensoortige ekonomies bedrywige gemeenskap wat net uit mynwerkers bestaan, ter plaatse te ontwikkel. Uit 'n ekonomiese en sosiale oogpunt is eersgenoemde gemeenskap as wensliker beskou.[9]

Verwikkelinge met betrekking tot die vestiging van 'n plaaslike nywerheidsopset vir Carletonville was met die aanvang van die vyftigerjare nog in sy kinderskoene. Van die vermelde erwe vir nywerheidsdoeleindes in Oberholzer en Welverdiend was min in hierdie stadium benut.[10] In byvoorbeeld Welverdiend was slegs drie nywerheidserwe beset.[11] Gevolglik moes die goudmyne in die gebied aanvanklik grotendeels op ander sentra vir die grootskaalse verskaffing van vervaardigde goedere staatmaak.[12]

### *5.2.1 Eerste fabrieke in die Carletonville-omgewing*

Dit blyk dat industriële aktiwiteite in die Carletonville-gebied, naas belangrike aspekte vir die groei daarvan in ag genome soos ligging, beskikbaarheid van grond sowel as water en krag, van meet of aan betreffende die mark moontlikhede van produkte vir die plaaslike goudmynbedryf beplan is.[13] Op hierdie wyse is fabrieke wat veral met die verwerking van grondstowwe soos grond, klip en kalksteen gemoeid is, in die omgewing opgerig. Hieronder tel die West Rand Lime te Rooipoort, die Cementation Company Africa Limited te

---

[8] Carletonville (Munisipaliteit), GBG, leer T7/B(2), Town and Regional Planning Local Area Committee: Peri Urban Areas Health Board, report of the town planning officer ..., December 1952, p.29.

[9] SAB, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RNH), Band 273, lêer B/B/2, Beplanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2, Carletonville-uitbreiding: aansoek om die stigting van Pottiesville nywerheidsdorp, 27.4.1957.

[10] SAB, JUS, Band 1052, lêer 21/733, Oberholzer inspeksieverslae: verslag, Departementele inspekteur A.J. van Niekerk, 4.3.1953, aanhangsel A, p.4.

[11] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1, Minutes of the Chamber of Commerce, Carletonville: minute, 17.7.1950. Hierdie waameming deur die Kamer van Koophandel kon nie uit ander bronne bevestig word nie.

[12] ***Die Vaderland**,* 4.10.1950, p.14.

[13] PU vir CHO, Voortgesette slreekopname van Beheerde Gebied no. 2. Gebied Westonaria-Welverdiend, verslag no. 3, 1956/57, p.132.

Wes-Driefontein[14] en die steengroewe van Gebroeders Schutte Eiendoms Beperk en M.J. Eloff wat op onderskeidelik Blyvooruitzicht en Welverdiend gevestig is.[15] Hierbenewens is die verwerking van bakstene deur die Driefontein Brick and Potteries Company Limited[16] (wat reeds sedert 21.12.1949 in die bedryf gestaan het) sowel as die Brick and Fireclay Company Proprietary Limited onderneem.[17]

Na raming het die getal arbeiders in die vermelde tipe nywerhede teen 1953 sowat 3 000 swart mense en 800 blankes getel. Daar is egter gemeen dat die ontwikkeling nog maar net die begin was, en die hoop is gekoester dat ontwikkeling hier 'n soortgelyke pad as die Witwatersrand behoort to volg. Voorts is dit bereken dat 18,5% van die plaaslike werkende bevolking, na die vierde myn in produksie gekom het, aan die sekondêre sektor verbonde kon wees.[18] Hiervolgens sou die sekondêre sektor die hoogste werkgewer naas die mynboubedryf wees. Met hierdie voorspelling gedurende die vroeë vyftiger jare is dus van die veronderstelling uitgegaan dat die sekondêre sektor in die komende dekades groot groei sou toon.

### *5.2.2 Dorpsuitbreiding no. Ses, Carletonville*

Die Dorperaad, die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede sowel as die Wes Witwatersrandse Plaaslike Gebiedskomitee het gedurende 1953-1955 aan Carletonville Dorpsuitbreiding no. Ses, oos van Carletonville-dorp op Vlakplaats no. 112 IQ geleë, se industriële moontlikhede aandag begin gee. Sowat 200 morg (172 ha) waarop 117 erwe van een tot drie morg (0,86 ha-2,58 ha) elk uitgelê sou word, is in die vooruitsig gestel. Die keuse van Vlakplaats vir industriële doeleindes was, buiten die ligging daarvan in verhouding tot die

---

[14] Carletonville (Munisipaliteit), Local Area Committee (LAC), lêer L1/29/4, West Wits Local Area committee: buildings and building plans, June 1949 - August 1952 en Unie van Suid-Afrika, ***Telefoongids Transvaal**,* April 1951, pp.617,667.

[15] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 15.6.1951 asook 23.5.1951.

[16] SAB, RNH, Band 224, lêer NH15/11/8(1), Carletonville-dorp: memorandum on development of Far West Rand with particular reference to provision of magistrates court and government offices, 26.1.1952 en Unie van Suid-Afrika, ***Telefoongids Transvaal**,* April 1951, p.617.

[17] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 16.11.1951.

[18] SAB, JUS, Band 1052, lêer 21/733, Oberholzer inspeksieverslae: verslag, Departementele inspekteur A.J. van Niekerk, 4.3.1953, aanhangsel A, pp.4,6.

omliggende dorpe, gewild vanweë die twee nabygeleë spoorwegstasies en 'n halte sowel as die nabyheid van provinsiale roetes.[19]

D.J. Potgieter van Welverdiend, en waarskynlik 'n sakeman op die dorp, het sedert Desember 1954 soortgelyke planne vir Welverdiend gehad. Sy motivering was daarop gegrond dat enkele industrieë reeds in Welverdiend bedrywig was, en die nabygeleë spoorwegstasies tesame met die P89/1 padroete net voordelig vir industriële vestiging sou wees. Dit was veral die Departement van Naturellesake se voorneme, naamlik om 'n dorp vir swart mense op die plaas Witstinkhoutboom IQ 101, noord-oos van Welverdiend to vestig, wat tot die versoek van Potgieter vir Welverdiend Dorpsuitbreiding no. Twee vir industriële doeleindes gelei het. Hiervan het egter in hierdie stadium niks gekom nie, aangesien staatsdepartemente betrokke by industriële uitbreiding blykbaar nog heelwat goedgekeurde industriële gebiede regoor Transvaal moes ondersoek alvorens nuwe aansoeke aandag kon geniet.[20] Ondertussen het die aanvraag na erwe vir ligte industrieë in Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee en Oberholzer Dorpsuitbreiding no. Een toegeneem. Onderskeidelik 23 en 13 nywerheidserwe vir elk van hierdie uitbreidings is gesoneer.[21]

Die lewensvatbaarheid van Carletonville Dorpsuitbreiding no. Ses is in Augustus 1955 verder ondersoek. Aspekte soos die afstand van hierdie dorp vanaf die toekomstige swart dorp, besoedelingsfaktore en 'n moontlike tekort aan swart arbeiders is deur die Dorperaad beredeneer. 'n Verteenwoordiger van die RONH het hiertydens die beleid van die Regering jeens die ontwikkelingsplan vir die gebied, naamlik dat die West-Wits-omgewing vir industriële doeleindes as deel van die Witwatersrand-gebied beskou word, bevestig. 'n Kleiner industriële uitbreiding ter plaatse is voorgestel, aangesien watervoorsiening, bevolkingstoename, behuising en vele ander sake in gedagte gehou moes word. Oor die markpotensiaal van Uitbreiding no. Ses, en die spoedige aanleg van die nodige

---

[19] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T1/421, Carletonville Extension no. 6 (Industrial): report on the proposed establishment of Carletonville extension no. 6 (Industrial township), 13.6.1955, pp.1,6.

[20] Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Departement van Naturellesake (NTS), Band 6616, leer 1015/313
(T)(2), Oberholzer-distrik, gedeelte 59 van die plaas Welverdiend no. 2 (Industriele dorp): brief, D.J. Potgieter/Departement van Naturellesake, 13.12.1954 asook brief, Departement van Naturellesake/D.J. Potgieter, 24.1.1955.

[21] PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2 ..., verslag no. 3, 1956/57, p.34(a). Kyk ook Hoofstuk Twee, p.29a

infrastruktuur vanaf die bestaande dorpe, is egter nie getwyfel the. 'n Eiendomsagent en bekende pionier betrokke by die uitleg van die Carletonville-gebied, S. Perkins, het ten tyde van die vergadering verwys na al die aansoeke wat by ontvang het waar instansies en/of persone navraag gedoen het oor erwe vir industriële doeleindes wat in die gebied beskikbaar is. Belangstellende instansies was onder meer oliemaatskappye, swaar ingenieursdienste, boukontrakteurs, skrootwerfeienaars en tweedehandse motorhandelaars.[22] Finale besluite ten opsigte van die voorgestelde Uitbreiding no. Ses is egter nie tydens hierdie byeenkoms bereik nie en tot 'n latere geleentheid uitgestel.

Behalwe die vermelde probleme in verband met nywerheidsvestiging, was die Randse industriële streke, waarvandaan die goudmyne in die Carletonville-gebied die meeste van hulle toerusting sowel as die vir menslike gebruik bekom het, inderdaad een van die vernaamste redes vir die karige aantal fabrieke wat teen 1957 in die gebied voorgekom het.[23] Die sloerdery met betrekking tot die proklamering van Uitbreiding no. Ses het ook noodwendig hiertoe bygedra.[24] Die maatskappy Hunt-Leuchars and Hepburn Limited het byvoorbeeld die gebrek aan 'n nywerheidsgebied sowel as die tekort aan spoorwegsylyne as redes genoem waarom hulle hul nie al in 1957 in die Carletonville-gebied gevestig het nie. Ten spyte van 'n gebrek aan 'n industriële dorp, was etlike sekondêre bedrywe wel in hierdie stadium in die Carletonville-gebied aanwesig.[25]

### *5.2.3 Pottiesville*

'n Versoek gedurende 1957 met betrekking tot die proklamering van 'n industriële dorp wes van die Carletonville-Oberholzer-dorpsgebied, op die uitspanning by die plaas

---

[22] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/421, Carletonville Extension no. 6 (Industrial): record of the proceedings of a meeting of a committee of the Townships Board held at Carletonville, 8.8.1955, pp.1-23 en SAB, RNH, Band 273, leer B/B/2, Beplanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2, Carletonville-uitbreiding, 1952-1957: brief, Secretary for Native Affairs/Secretary Townships Board, 17.9.1956.

[23] PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2 ..., verslag no. 3, 1956/57, p.130. Kyk ook Hoofstuk Twee, pp.39-40.

[24] Nedbank-argief, Economische Ontwikkeling (BO), Band 11, lêer 102-108, Ekonomiese oorsigte van Carletonville-tak: ekonomiese oorsig, 31.12.1957 asook ekonomiese oorsig, 31.1.1958.

[25] SAB, RNH, Band 273, lêer BB/2, Beplanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2, Carletonville-uitbreiding: aansoek om die stigting van Pottiesville nywerheidsdorp, 27.4.1957, pp.2-3.

Wonderfontein IQ 104, in plaas van oos daarvan (Carletonville Dorpsuitbreiding no. Ses), het weer opnuut 'n bespreking deur die Plaaslike Gebiedskomitee uitgelok. Die nywerheidsdorp, Pottiesville, wat deur vername plaaslike bewoners voorgestel is, is as die geskikste vir industriële doeleindes beskou.[26] Hoewel die voorgestelde ligging van Pottiesville so geskets is om gerieflik naby aan die toekomstige swart dorp te wees, is die afstand daarvan as ongerieflik vir blankes wat hierheen sou moes reis, beskou.[27] Vanweë ander nadele soos 'n te nabygeleë vliegveld en die gebrek aan 'n spoorwegstasie, het Pottiesville as moontlikheid vir 'n industriële dorp mettertyd verdwyn. Bowendien het die soneplan vir die gebied nie voorsiening vir enige toevoeging hiertoe gemaak alvorens die Dorperaad of RONH dit goedgekeur het nie.[28]

Dit is egter te begrype dat sommige sakelui en dorpsbewoners in die Carletonville-gebied gretig daarna uitgesien het dat die vestiging van sekondêre nywerhede nie moet sloer nie. Dit blyk ook uit 'n versoek van die Carletonvillese Waaksaamheidskomitee in September 1958 aan die Plaaslike Gebiedskomitee na aanleiding van persverslae oor die industriële stand van sommige Oosranddorpe. In hierdie verslae is bespiegel dat van die Oosranddorpe dalk, vanweë 'n gebrek aan genoegsame nywerhede, spookdorpe kan word.[29] Die vrees dat dieselfde lot die Carletonville-gebied mag tref, het dus optrede geverg. Carletonville Dorpsuitbreiding no. Ses as keuse is nietemin steeds teen 1959 deur die plaaslike Beplanning Hulpkomitee bo enige ander voorstelle verkies.[30]

### *5.2.4 Die sestigerjare*

Dit is bekend dat die ekonomiese groei van Suid-Afrika gedurende veral die jare 1961-1966 prominent in sy geskiedenis uitstaan. Die tendens van vooruitgang wat die sekondêre sektor tydens die dekade vyftig in die land gekenmerk het, het teen 1965-1966 'n jaarlikse

---

[26] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 1.2.1957 en SAB, RNH, Band 273, lêer B/B/2, Beplanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2, Carletonville-uitbreiding: aansoek om die stigting van Pottiesville nywerheidsdorp, 27.4.1957, p. 1.

[27] SAB, RNH, Band 273, lêer B/B/2, Replanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2, Carletonville-uitbreiding: aansoek om die stigting van Pottiesville nywerheidsdorp, 27.4.1957, pp.5-9.

[28] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 1.2.1957 asook 27.10.1958.

[29] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 8.9.1958.

[30] SAB, NTS, Band 6611, lêer 742/313T(5), Carletonville Uitbreiding no. 6: verslag van die Gesondheidsraad met betrekking tot die reservering van nywerheidsdorpe, 20.4.1959.

groeikoers van sowat 5,6% tot gevolg gehad.[31] Die munisipale gebied van Carletonville hierteenoor het egter nie werklik in die fenomenale groei van hierdie sektor gedeel nie. Vooruitsigte op industriële uitbreiding wat in die vorige dekade ter sprake gekom het, het teen 1961 nog nie gerealiseer nie.[32] Vooruitstrewende dorpe in die PWV-gebied waarbinne Carletonville hom toe reeds bevind het, was steeds 'n hindernis ten opsigte van die vestiging van 'n volwaardige nywerheidsdorp binne die munisipale gebied. Oënskynlik was enkele leemtes in die plaaslike infrastruktuur soos 'n watertekort, to min standplase, sowel as gebrekkige vervoergeriewe en 'n onvoldoende arbeidsmag, ook vir die trae ontwikkeling van die nywerheidsektor verantwoordelik.[33]

Raadslid J.J. Baard, burgemeester van Carletonville, het gedurende 1961 laat deurskemer dat by steeds vol vertroue is dat industriële vestiging ter plaatse in die afsienbare toekoms wel sou plaasvind. Hy het dit egter beklemtoon dat dit heel moontlik aanvanklik net nywerhede sal wees wat, naas die bestaandes, ook in die behoeftes van die omliggende goudmyne sal voorsien.[34] Van die enkele ligte nywerhede wat in elk van die onderskeie Carletonvillese dorpsuitbreidings sowel as in Oberholzer (Stasie- en Oberholzerstraat), Welverdiend (16e straat en Stasieweg), Bank Dorpsuitbreiding no. Twee, Blybank (Pointerlaan) en West Wits (11-13e laan) voorgekom het, het hoofsaaklik die myne bedien.[35] Bedrywighede rondom die jong Western Deep Levels-goudmyn[36] was waarskynlik 'n aanleidende rede vir die hernude hoop dat verdere industriële uitbreiding spoedig in die Carletonvillese munisipale gebied sal volg.

---

[31] S. Jones, "Real growth in the South African economy since 1961" (conference of the Economic History Society of Southern Africa, Port Elizabeth, 18-20 July, 1990), pp.5-6. Kyk ook ***Hoofstuk Een**,* p.11.

[32] Die Potchefstroom Nuus/News, 17.3.1961, p.3.

[33] **The Star**, 13.9.1961, p.2; **West Rand Times** en **Wesrander,** 5.2.1962, p.1 en **Carletonville Herald**, 31.5.1961, p. 1.

[34] TAB, Munisipaliteit Carletonville (MCV), Band 54, lêer 76/1, Regsake en regsgedinge: Carletonville Dorpssanlegskema, 1961.

[35] West Rand Times en Wesrander, 5.2.1962, p.1.

[36] ***Carletonville Herald**,* 24.2.1964, p.1 asook 9.10.1964, p.1; ***Potchefstroom Herald**,* 3.7.1964, p.1 asook 21.2.1964, pp.1-11 (bylae: Streekskongres van die Afrikaanse Handelsinstituut) en TBP, Munisipaliteit Carletonville (MCV), leer 93/1/27, Streeksontwikkeling vir Wes-Transvaal en aangrensende gebiede: brosjure, terugblik oor tien jaar, 1964-1974, 31.10.1974.

### *5.2.5 Die effek van grondverskuiwings*

Die afmetings wat grondversakkings sedert 1962 in die Carletonville-omgewing aangeneem het, het egter daadwerklike nywerheidsvestiging gekniehalter. Nietemin het sowat 16 ligte nywerhede teen 1965 in die gebied voorgekom, maar daar was geen sprake van die aanwesigheid of die vestiging van swaar nywerhede nie.[37] Die persele van sommige ligte nywerhede is ook deur die grondverskuiwings geaffekteer.[38] Dit, gepaard met nyweraars se gebrek aan vertroue in die toekoms van Carletonville weens die voorkoms van hierdie rampspoedige natuurverskynsel, het die getal ligte nywerhede in die gebied teen 1968-69 tot sewe laat krimp.[39] Hierbenewens het die watervloed in die gebied, na 'n wolkbreuk in Oktober 1969, nog sinkgate tot gevolg gehad, wat noodwendig sy tol met betrekking tot daadwerklike industriële vestiging geëis het.[40]

Teen 1970 was die arbeidsmagsterkte in diens van die fabriekswese in die Carletonvillese munisipale gebied vanweë die min nywerhede, uiters laag. Uit 'n plaaslike bevolking wat toe sowat 95 903 getel het, was slegs 213 blankes, 956 swart mense, 16 Kleurlinge en twee Asiërs, wat gesamentlik maar 1,2% van die plaaslike bevolking is, in die sekondêre sektor betrokke.[41]

Alhoewel sinkgate teen 1971 en hierna nog sporadies in die munisipale gebied van Carletonville voorgekom het,[42] het dit nie in hierdie stadium die groei van industrieë, alhoewel baie traag, verhinder nie. Statistiek toon dat sowalf11 ligte nywerhede gedurende

---

[37] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek****,* 1964-65, p.321.

[38] SAB, RNH, Band 224, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: brief, Stadsklerk Carletonville/RONH, 19.11.1964. Volgens die dokument is 33 nywerheidsgeboue deur die versakkings geraak. Hierdie getal klop nie met die statistiese gegewens van die voorafgaande voetnoot wat 16 ligte nywerhede vermeld nie.

[39] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek****,* 1964-65, p.333.

[40] **Carletonville Herald**, 24.10.1969, p.8.

[41] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, Bevolkingsensus, verslag no. 02-05-06, ***Beroep en Nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek****, 1970,* 1970, pp. 51, 115, 173,215.

[42] *Carletonville Herald,* 12.10.1973, p. 1. Kyk ook ***Hoofstuk Twee****,* pp.37,42 en ***Hoofstuk Sewe****,* pp.322- 323.

1971-72 in die gebied werksaam was,[43] wat ietwat meer nywerhede as gedurende 1968-69 is. Onder hierdie bedrywe het onder meer getel vervaardigers van bouershardeware, industriële plastiekvervaardigers en steenmakers wat op die mynbousektor se behoeftes ingestel is.[44]

Die min nyweraars was vir die stadsvaders van Carletonville kommerwekkend, en hulle het soos in die verlede voortdurend 'n oplossing hiervoor probeer vind.[45] In 1975 het die dorp egter 'n terugslag in al sy pogings beleef toe 'n Regeringsbesluit wat gedurende 1975 binne die raamwerk van die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) geneem is, die vestiging van nywerhede binne die PWV-Streek tot enkele gebiede beperk het. Carletonville, wat deel is van die streek, was nie hierby ingesluit nie.[46] 'n Meer gedesentraliseerde beleid met betrekking tot nywerheidsontwikkeling binne die PWV-gebied, soos dit in die Regering se Witskrif met betrekking tot gedesentraliseerde nywerheidsontwikkeling vervat is, is deur die Carletonvillese Stadsraad, plaaslike sakelui sowel as dorpsontwikkelaars bepleit.[47]

Te midde van die pleidooie het bestaande nywerhede hulle gang gegaan, en teen 1975 is nog 'n paar in die gebied gevestig.[48] Die bydrae van die Oberholzer-distrik-nywerhede tot die totale bruto geografiese produk (BGP) van die sekondêre sektor vir Streek no. 50 in terme

---

[43] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek****,* 1971-72, p.350 en TAB, MCV, Band 52, lêer 73/5(7), Publisiteit: saketelefoon- en koopgids vir Carletonville, 1970-71.

[44] TAB, MCV, Band 52, lêer 73/5(7), Publisiteit: saketelefoon- en koopgids vir Carletonville, 1970-71 en TBP, MCV, lêer 89/2/3, Nywerheidstatistiek: brief, Lisensie en Verkeershoof Carletonville/Chris van Rensburg Publikasies, 24.6.1969.

[45] TBP, MCV, lêer 22/1(b)(2), Dorpe: uittreksel uit die notule van die vergadering van die Bestuurskomitee, 12.5.1975; ***Carletonville Weekly Record****,* 2.5.1975, p.14; ***Carletonville Herald****,* 22.6.1973, p.5 en TBP, MCV, leer 69/7/2, Beplanning van PWV-gebied: vestiging van nywerhede, 6.8.1973.

[46] Die Regering het blykbaar in Junie 1973 besluit dat nywerheidsontwikkeling slegs in permanente swam arbeidsintensiewe plekke moet realiseer. Dit het uiteraard nie vir Carletonville, met sy goudmyne en talle swart werkers, gegeld nie. Kyk ook ***Hoofstuk Twee****,* pp.40-41.

[47] TBP, MCV, leer 69/7/2, Beplanning van PWV-gebied: vestiging van nywerhede, 6.8.1973; ***Carletonville Weekly Record****,* 2.5.1975, p.14 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, leer 12/2/4/21, Samestelling en vergaderings van die Streekontwikkelingsvereniging vir die Wesrand/Verre Wesrand: Witskrif oor die inligtingstuk insake die bevordering van nywerheidsontwikkeling vir Suider-Afrika, pp.6-7.

[48] TBP, MCV, lêer 73/5(9), Publisiteit: statistiek, Carletonville Stadsraad, 1974/1975.

van fabriekswese, was in die stadium 'n beskeie 2,6%.[49] Dit is nietemin Veel hoer as die sektor se BGP-bydrae vir die Oberholzer-distrik (Carletonville-omgewing) wat sowat 0,65% was.[50] Dus, vanweë die onvoorsiene gang van sake in die Carletonville-gebied, gepaard met etlike nadelige eksterne faktore, was daar op hierdie tydstip steeds geen noemenswaardige vordering op die pad van nywerheidsgroei nie. Die pas wat herstelde vertroue sou toon, sou uiteindelik ook bepalend vir die pas van industriële vestiging wees.

### *5.2.6 Herstelde vertroue en hernude ontwikkeling*

Gedurende 1976 was daar 32 ligte industrieë in die Carletonville-gebied bedrywig.[51] Dit toon 'n redelike groei vergeleke met die stand van sake 'n paar jaar tevore. Dit lyk asof die herstelde sakevertroue in die gebied hoofsaaklik vir die groei verantwoordelik was. Die ontwikkeling van fabrieke in die distrik Oberholzer was egter steeds veel stadiger as die van die ander dorpe wat in Streek no. 50 voorkom. Gevolglik het die hoe industriële groeitempo van die res van die streek die BGP-bydrae van die Oberholzer-distrik teen 1978, naamlik 1,82%, laer as voorheen laat vertoon en dit, ironies genoeg, ten spyte daarvan dat die gesteldheid van die distrik beter was.[52] Dit wil ook in hierdie stadium voorkom asof die Carletonville-Oberholzer-kompleks die meeste nywerhede bevat het. Op Welverdiend was heelwat nywerheidserwe nog vakant.[53] Laasgenoemde se relatiewe kort afstand vanaf die kompleks was hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik.

---

[49] Die dorpe Randfontein, Roodepoort, Krugersdorp, Westonaria en Oberholzer is in Streek no. 50 ingedeel.

[50] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 09-14-04, ***Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1975***, 1975, p.22.

[51] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek***, 1976, p.394. Volgens die Hooflisensiebeampte van Carletonville se verslag was daar teen 1976 steeds geen fabrieke in die gebied nie. Hy verkies om eerder van "werkswinkels" te praat wat hoofsaaklik met herstelwerk vir die myne gemoeid is, en wat as agente vir groter instansies elders opgetree het. Kyk MCV, lêer 89/2/3(1), Nywerheidstatistiek: verslag, Hooflisensiebeampte en Verkeersbeampte Carletonville/Streekverteenwoordiger, Uitvoerbevordering, 11.2.1976.

[52] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 09-14-05, ***Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1978***, 1978, p.22.

[53] TBP, MCV, lêer 89/2/3, Nywerheidstatistiek: bylae, inligting in verband met nywerheidserwe in Carletonville, Maart 1978, pp. 18A-18B asook lêer 33/1/2(b)(3), Gebruik van grond Elandsrand: brief, Town Engineer Carletonville/Town Clerk Carletonville, 9.7.1979.

Alhoewel die meeste nywerheidserwe van die dorpe Carletonville en Oberholzer dus teen 1979 beset was, is dit asof 'n gebrek aan belangstelling en die gebrek aan bereidwilligheid om verdere industriële vestiging aan te moedig, in die stadium 'n probleem was. Gevolglik was die eertydse gedagte van 'n geproklameerde industriële dorp vir Carletonville met ingang van die dekade tagtig steeds nie verwesenlik nie. Selfs die bemoeienis van die plaaslike Kamer van Koophandel hiermee het onverrigter sake geëindig.[54] Van die Afrikaanse Sakekamer het geen reaksie gekom nie, aangesien die eers in 1982, na 'n Lang afwesigheid, weer daadwerklik gefunksioneer het.[55]

Mynowerhede het ook versoek dat die groei en uitbreiding van die sekondêre rektor, as latere plaasvervanger van die goudmyne, meer aandag moet kry.[56] Dit lyk egter the asof hierdie versoek teen die dekade tagtig veel uitwerking gehad het nie. Amptelike syfers toon dat die hoeveelheid ligte nywerhede in die gebied teen 1980-81, in vergelyking met vorige jare, konstant gebly het.[57] Die 0,23% bydrae van die Oberholzer-distrik tot die BGP van die Streek se fabriekswese was in hierdie stadium steeds dalend.[58]

Gedurende 1982 het die stand van sake nie noemenswaardig verander nie.[59] 'n Tekort aan nywerheidserwe wat reeds in die laat-sewentigerjare 'n probleem was, was in 1983 die stadsvaders van Carletonville se dryfveer vir die voorgestelde proklamasie van Dorpsuitbreiding no. Ses as nywerheidsdorp.[60] Die poging was eerder met die oog op

---

[54] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes of the Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 24.10.1979 asook 14.11.1979.

[55] Carletonville Herald, 19.2.1982, p.3.

[56] **Carletonville Herald**, 24.10.1980, p.3. Kyk ook **Hoofstuk Twee**, pp.40-41.

[57] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek**,* 1980-81, p.383.

[58] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 04-01-01, ***Bruto geografrese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik**, 1981,* 1981, p.22.

[59] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek**,* 1982, p.171.

[60] ***Potchefstroom Herald**,* bylae met betrekking tot handel en industrie8, 29.7.1983, p.25 en Die Suid Afrikaanse Vereniging *van* Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek**,* 1984, p.202.

toekomstige oorwegings om 'n alternatief vir die goudmynbedryf to vind. Stadsvaders wou hierdeur ligte nywerhede wat op vervaardiging konsentreer, na Carletonville trek.[61]

Die distrik Oberholzer se BGP-bydrae tot die totale fabriekswese van Streek no. 75 (vroeër as Streek no. 50 bekend) het in 1984 2,7% beloop, en daarmee is dus 'n ietwat hoër bydrae as die 1981-opname gelewer.[62] Moontlik was die uitbreiding van bestaande, en die opening van nog myne, tesame met die voorgenome proklamering van Dorpsuitbreiding no. Ses, vir hierdie groei verantwoordelik.

Dit is insiggewend dat sakelui so begerig was om Carletonville se industrieë te sien uitbrei dat daar in 1985 na Dorpsuitbreiding no. Ses as ***Carletonville Park*** verwys is, en dit as ***one of the largest industrial townships in South Africa*** bestempel is.[63] Die uitbreiding is eers op 4 Februarie 1987, sowat 35 jaar nadat dit vir die eerste keer ter sprake gekom het, as nywerheidsdorp geproklameer! In hierdie stadium was Carletonville Dorpsuitbreiding no. 14 vir nywerheidsdoeleindes, aangrensend aan Uitbreiding no. Ses, gesoneer.[64] Teen 1988 egter was Dorpsuitbreiding no. 14 nog nie 'n werklikheid nie en skaars in 'n beplanningstadium.[65]

Met die uiteindelike verwesenliking van 'n nywerheidsdorp het die plaaslike owerheid gehoop om ook nyweraars na nywerheidserwe te Welverdiend en Oberholzer te lok.[66] Volgens die

---

[61] ***Carletonville Herald**,* 8.2.1985, p.1 asook 22.11.1985, p.1.
[62] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. P.0401, ***Bruto geografiese produk teen***
***faktorinkome volgens landdrosdistrik**, 1984,* 1989, p.40.

[63] **Carletonville Herald**, 22.11.1985, p.1.

[64] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule van die vergadering van die Bestuurskomitee,
25.2.1986, p.9 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, leer 2/8/2, Organisasie en beheer Streekdiensterade: indeling van streek en die afbakening van sentrale- en nywerheidsgebiede, 1987.
[65] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R. van der Merwe (Hoof, departement Stads- en Streeksbeplanning, Carletonville Munisipaliteit), 19.9.1990. Mnr. van der Merwe het ook ges6 dat sogenaamde "Carletonville Park" nooit na 1988 as naam vir Uitbreiding no. Ses gebruik is the. Kyk ook ***Carletonville Herald**,* 18.3.1988, p.2.

[66] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 2/8/2, Organisasie en Beheer Streekdiensterade memorandum insake afbakening van sentrale- en nywerheidsgebiede, 1987, pp.7-8.

nywerheidstatistiek van 1988 moes dit inderdaad gebeur het, aangesien daar teen Desember 1988 al sowat 128 ligte nywerhede in die gebied aanwesig was. , Gedurende hierdie jaar is gesamentlik 19 bouplanne deur die Stadsraad met die oog op die oprigting van fabrieke goedgekeur.[67] Van die bouplanne wat goedgekeur is, is ondermeer die van Carletonville Brouery Beperk, Carletonville Engineering Services en Donenzo Construction. Blykbaar het die Nasionale Suiwelkoöperasie ook drie erwe gekoop om 'n voedselverwerkingsnywerheid in die toekoms hier op to rig. Hierbenewens was meer as die helfte van die 79 nywerheidserwe in Dorpsuitbreiding no. Ses al teen 1988 verkoop.[68]

Dit blyk dus dat die sekondêre sake bedrywighede in die munisipale gebied Carletonville wel toekomstige groeipotensiaal getoon het. 'n Groei in die uitbreiding van die fabriekswese was gedurende die laat-tagtigerjare ook 'n landswye tendens,[69] en hiertoe het die Carletonvillers 'n beskeie bydrae gelewer. Wat die plaaslike handelsektor betref, is die veel groter as die sekondêre sektor. Dit blyk uit die volgende bespreking:

### *5.3 KOMMERSIME ONTWIKKELING*

Toe Carletonville in 1948 geproklameer is, was die aanwesigheid van handelaars in die omstreke nie 'n nuutjie nie. Weliswaar was hierdie sektor vanaf Welverdiend i tot by Bankdorp maar yl beset. Hiervan het Indiërhandelaars die grootste deel uitgemaak.[70] Soos dit met die sekondêre sektor die geval was, is dit weer eens die ontginning van die glimmende edelmetaal goud wat ook die tersiêre sektor voor nuwe uitdagings geplaas het.

---

[67] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 10/1/2(2), Reklame inligting, raadsembleme, brosjures en nuusbriewe: vraelys, Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 11.1.1989.


[68] ***Carletonville Herald**,* 31.7.1987, p.1 asook 18.3.1988, p.2 *en* ***Potchefstroom Herald**,* bylae met betrekking tot myne en nywerhede, 4.9.1987, p.3 asook 20.5.1988, p.11.

[69] Republiek van Suid-Afrika, Raad van Handel en Nywerheid, versiag no. 2663, *Jaarverslag,* 1987, p.A.

[70] E.S. van Eeden**, *Die geskiedenis van die Gatsrand*,** pp.35-39. Kyk afdeling 5.3, pp.234-240 van hierdie hoofstuk vir 'n bespreking van die posisie van die Indiers ten opsigte van hul aandeel in die plaaslike sakesektor.

**Pioniershandelbedrywe in die Careltonville-gebied:**

***Die deeltydse Barclays Bank-"takkantoor" op Oberholzer gedurende die dekade veertig.**




Bron: G. Hommes.

***Ingot-House, die eerste sakekompleks te Carletonville.**



Bron: Consolidated Gold Fields Ltd.


**Pioniershandelsbedrywe in die Carletonville-gebied:**

*** Blyvoor apteek.**



Bron: J. Grolman.

*** Carletonville-hotel gedurende die jare vyftig.**




Bron: Consolidated Gold Fields Ltd.

**Handgemaakte roomyshouers vir die verspreiding van roomys in die Carletonville-omgewing gedurende1948.**



Bron: A. van der Westhuizen.

**'n Voorbeeld van een van die eerste handelslisensies aan 'n handelaar in Carletonville-dorp uitgereik.**



G.P.-S.6593—1944-5—500-200. S.

Revenue/Inkomste 73.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. — UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE.—DEPARTMENT OF INLAND REVENUE.

LISENSIE vir die tydperk van datum hiervan tot die vervaldatum hieronder gewys.

LICENCE for the period from the date hereof to the date of expiry, indicated hereunder.

RECEIVER OF REVENUE — ONTVANGER VAN INKOMSTE — 3 JAN 1948 — FOCHVILLE

B 8102 ★

Datumstempel.—Date Stamp.

BESONDERHEDE VAN LISENSIE:— DETAILS OF LICENCE:—

| | | |
|---|---|---|
| Naam waaronder besigheid gedrywe of beroep oefen word. | Nella Rust Roomys | Name under which Business or Profession is carried on. |
| Volle naam (name) van die eienaar, verskillende vennote, en in die geval van 'n maatskappy die name van die plaaslike sekretaris en bestuurder aan wie hierdie lisensie verleen word. | Albert van der Westhuizen | Full name(s) of proprietor, several partners and in the case of a company the names of the Local Secretary and Manager to whom this licence is granted. |
| Besigheid, ambag of ander doel waarvoor lisensie uitgereik word. | Maaskramer – Verkoop van roomys alleen | Trade, Occupation or other purpose covered by licence. |
| Gelisensieerde adres of gebied waarop besigheid gedrywe mag word kragtens hierdie lisensie. | Potchefstroom distrik | Licensed address or area at which business may be carried on in terms of this licence. |
| Vervaldatum van lisensie. | 31 / 12 / 48 | Date of expiry of licence. |
| Bedrag betaal ten opsigte van hierdie lisensie. | Pond — ; sjielings vyf ; pennies — | Amount paid in respect of this licence. (Pounds; shillings; pence) |
| Besonderhede van betaling. | Lisensiebelasting £ — . 5/- (Licence Duty); Boete £ — . : (Penalty); TOTAAL £ — . 5/- (TOTAL) | Details of payment. |

Lisensie word hierby aan bovermelde verleen om die besigheid of ambag soos beskryf, te dryf of uit te oefen.
Ontvangs van die vermelde bedrag word hierby erken.
Hierdie lisensie word verleen onderworpe aan die reg van die Lisensiehouer om die handel te dryf of bedryf uit te oefen, en om die perseel te gebruik vir die doeleindes soos genoem, en stel die houer nie vry van 'n lisensie uit te neem nie, wat vereis ingevolge enige munisipale verordeninge of regulasies.

Licence is hereby granted to the abovenamed to carry on the trade or occupation described.
Receipt of the amount stated is hereby acknowledged.
This licence is granted subject to the Licensee's right to carry on the trade or occupation, and to use the premises mentioned and does not exempt the holder from taking out a licence required under any municipal by-law or regulation.

G. S. Kloete

Ontvanger van Inkomste.—Receiver of Revenue.

Bron: A. van der Westhuizen (Carletonville).

**TABEL 9: PIONIERHANDELSBEDRYWIGHEDE IN DIE CARLETONVILLESE MUNISIPALE GEBIED, 1948-1951**

| ONDERNEMING | OPENINGSJAAR ** | DORP |
|---|---|---|
| *Algemene Handelaars* | | |
| D. & D.H. Frazer Ltd. | 1948* | Blyvooruitzicht |
| Waks and Judelsohn | 1948 | Oberholzer (later in C'ville) |
| R. Gersh Trading Store | 1948* | Welverdiend |
| I.E. Methar & Co. | 1948 | Welverdiend |
| Noel Phibbs handelaars | 1948* | Carletonville |
| M.S. Mia Store | 1948* | Bank |
| Nosarka's Cash Store | 1948 | Bank |
| J.P. Holtzhausen handelaars | 1948 | Bank |
| Carletonville Supply Store | 1949 | Carletonville (Ingot House) |
| Harry Bentel Store | 1949 | Carletonville (Ingot House) |
| Gold Reef Trading Store | 1949* | Wes-Driefontein |
| J.G. Barkhuizen handelaars | 1949 | Welverdiend |
| Atlas Bazaar | 1949* | Welverdiend |
| J.S. Minnaar | 1950 | Oberholzer |
| Blyvoor Grocers and Fisheries | 1950 | Oberholzer |
| Good Hope Supply Store | 1951 | Welverdiend |
| Welverdiend Bazaar | 1951 | Welverdiend |
| *Apteke* | | |
| Oberholzer Pharmacy | 1948 | Oberholzer (later in C'ville) |
| E.J. Adcock Bpk. | 1949 | Carletonville |
| Hoffmann's Pharmacy | 1950 | Oberholzer |
| *Banke* | | |
| Barclays Bank subtak | 1948* | Blyvooruitzicht: Potch-personeel twee dae per week diens gedoen (later in C'ville) |
| Standard Bank of SA branch | 1948* | Bank: Potch-personeel vir twee dae diens per week gedoen (later in C'ville) |
| Nederlandsche Bank voor SA | 1948* | Welverdiend: Potch-personeel vir twee dae (later in C'ville) |
| *Drankwinkels* | | |
| Dave Sobel Bottle Store | 1949 | Oberholzer |
| Carletonville Bottle Store | 1950 | Carletonville (Ingot House) |
| Werner Brothers Bottle Store | 1950 | Welverdiend |
| *Klere-/Sportwinkels* | | |
| Chic Fashions | 1948 | Oberholzer (later in C'ville) |
| Moolmans Uitrusters | 1948 | Oberholzer |
| Bezuidenhout Mansuitrusters | 1948 | |
| Barclay Fashions | 1949 | Carletonville (Ingot House) |
| Culhanes Sport Outfitters | 1950 | Carletonville |
| Shegwens Ladies Outfitters | 1950 | Carletonville |
| Tootal Furnishing Fabrics | 1950 | Carletonville |

| ONDERNEMING | OPENINGSJAAR ** | DORP |
|---|---|---|
| *Diensstasies* | | |
| H. Boersma | 1949* | Wonderfontein |
| J. Vermeulen | 1949* | Welverdiend |
| Ed's Motors | 1948 | Bank (later in C'ville) |
| H. van Rooyen Motors | 1950 | Oberholzer |
| R. Bell's Motors Pty Ltd | 1950 | Carletonville |
| Carletonville Garage & Service Station | 1950 | Carletonville |
| Oliver Motors | 1950 | Bank |
| Grosvenor Motors Ltd. | 1950 | Carletonville |
| Oberholzer Garage | 1950* | Oberholzer |
| De Beers Garage | 1950 | Welverdiend |
| J.W. Snyman | 1950 | Welverdiend |
| Welverdiend Garage | 1950* | Welverdiend |
| *Hotelle* | | |
| Welverdiend-hotel | 1948* | Welverdiend |
| Carletonville-hotel | 1949* | Carletonville |
| West Wits-hotel | 1948* | West Wits |
| *Algemeen* | | |
| Perkins & Crumley | 1948* | Carletonville |
| Model Meubileerders | 1948 | Oberholzer (later in C'ville) |
| Blyvoor Timbers | 1948* | Carletonville |
| Chandler Brothers | 1948 | Oberholzer |
| A.R. Fleischack attorneys | 1949 | Carletonville |
| R. Soulsby Hairdresser | 1949 | Carletonville |
| Ingot Restaurant | 1949* | Carletonville (Ingot House) |
| Z.M. Wissing | 1949 | Welverdiend |
| Dr. W.P. Roux (Alg. praktisyn) | 1949* | Carletonville |
| P.C. Wolmarans | 1949 | Welverdiend |
| Drs. Hope & Venter (Tandartse) | 1949 | Carletonville (Ingot House) |
| F. Tailor Ladies Hairdressing saloon | 1950 | Carletonville |
| Lumley & McLuckie eiendomsagente | 1950 | Carletonville |
| Ricks Ladies hairdressing Saloon | 1950* | Carletonville |
| HSH Booysen Stoomketelmaker | 1950 | Carletonville |
| Nicol & Seeley Piano's, Radios & Refrigerators | 1950 | Carletonville |
| S.A. & Genr. Invest. Trust | 1950 | Carletonville |
| J.F. Cronje Alg. Eiendomsagent | 1950 | Welverdiend |
| Dr. W. Marais (Alg. praktisyn) | 1950 | Welverdiend |
| Brand, Thompson & Cronje fishfriers | 1950 | Oberholzer |
| H. Boersma werkswinkel | 1950 | Wonderfontein |
| Kalkbrandery | 1950 | Wonderfontein |
| Quail Fishfrier | 1950 | Carletonville |
| D.P.S. de Villiers en Y. Schroeder | 1950 | Oberholzer |
| W.L. Impey frier | 1951 | Oberholzer |
| C. Pilalitos frier | 1951 | Carletonville (Ingot House) |
| Z.J. Siebert hairdresser | 1951 | Oberholzer |

* *Onsekerheid bestaan oor die presiese stigtingsjaar.*

** *Sommige van die bedrywe wat vermeld word, het wel voor 1948 al sake gedoen.*

### *5.3.1 Pionierhandelsdienste*

Die Carletonville-Oberholzer-dorpsgebiede het, vanweë hulle afstand van die goudmyne Blyvooruitzicht, Wes-Driefontein en Doornfontein, van meet of aan die meeste besighede getrek. Sakelui vanaf veral dorpe soos Potchefstroom, Krugersdorp, Randfontein, sowel as die Witwatersrand, het hulle hier gevestig.[71] Beriggewing en advertensies met betrekking tot die rooskleurige toekoms van die Carletonville-gebied het reeds in die veertigerjare verskyn, en heelwaarskynlik ook die wye bekendstelling rakende die gebied se sakebedrywighede bevorder.[72] Alhoewel hierdie uitbreiding nie oornag geskied het nie, dui statistiek daarop dat die tendens van vestiging deur tersiêre lui veral tussen 1948 en 1949 momentum gekry het.[73] Etlike pioniers binne die handelsektor in die omstreke van Carletonville sedert die dorp se proklamering tot 1951 word in tabel 9, p.275 aangedui.[74]

Uit tabel 9 wil dit voorkom asof tersiêre instansies aanvanklik hoofsaaklik in Oberholzer, Welverdiend en Bank gevestig het. Namate Carletonville egter op allerlei terreine vinniger as hierdie dorpe ontwikkel en uitgebrei het, het die vestigingspatroon verander. So byvoorbeeld het elektrisiteitsvoorsiening vir Carletonville al teen 1950 voltooiing genader, terwyl 'n kontrak vir waterverskaffing aan die dorp deur Randse Waterraad in 1952 beklink is. Die van ander dorpe het eers hierna gevolg.[75]

---

[71] E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand ..., p.43.


[72] ***Die Vaderland**,* 15.11.1947, p.2.

[73] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer L1/29/8, West Wits Local Area Committee health conditions: verslag, T.A. Verbeek/Peri Urban Areas Health Board, 8.8.1949.

[74] Die data in tabel 9, p.210e is uit 'n verskeidenheid bronne verkry. Die is onder meer Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minutes, 1949-1951; ***Sunday Express**,* 7.6.1953, p.16; ***Die Potchefstroom Nuus/News,*** 23.12.1960, p.2 asook 28.4.1969, p.6; 16.6.1967, p.3; H. van Rooy (eds.), ***Adingra Staff Journal**,* 1(1), June 1972, p.3; ***Carletonville Weekly Record**,* 28.5.1976, p.6; ***Carletonville Herald**,* 26.8.1988, p.20; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N.M. Pretorius, 3.3.1989 asook onderhoud, A. en C. van der Westhuizen, 8.2.1989 asook 3.3.1989; Nedbank-argief, Ontwikkeling en Initiatieven (OD, Band 7, leer 36-26, Stigting Banktakken, uitbreiding Potchefstroom-Welverdiend: brief, Hoofagent Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika/Directie Amsterdam, 29.12.1947 asook korrespondensie van die Directie Amsterdam, 3.1.1948 en Unie van Suid-Afrika, ***Telefoongids Transvaal**,* April 1951, pp.617,667.

[75] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T1/346(2), Carletonville Township Extension 2: brief, J.W.A. Wright, Carletonville Estates/New Consolidated Gold Fields Limited, 3.10.1952 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, mev. N.M. Pretorius, 3.3.1989 asook A. van der Westhuizen, 8.2.1989 en 3.3.1989.

**Handelsadvertensies van twee Carletonville besighede (1955) in 'n ligter trant.**



## Van der Westhuizen Bouers

Wil u u droomhuis bou,
Dan moet u die naam reg onthou.

Die naam is van der Westhuizen boukontrakteur,
Dit is die naam wat u nooit sal betreur.

Kom kyk na huise wat hy bou,
En oortuig uself dat hy nie brou.

Albert van der Westhuizen is 'n man van sy woord,
Daarom vorder sy werk so vinnig voort.

Van der Westhuizen bouers trek ook planne
en spesifikasies op,
En glo my, hierin word hy nie maklik geklop.

Oor van der Westhuizen bouers se werk hoef
u nooit te stry,
Want daar gaan u tevredenheid kry.

Bel 151 gedurende die dag,
En u hoef gladnie te wag.

Al is u nou ook vreemd of bure,
Bel asseblief 813 na ure.

## Blyvoor Bottel Stoor

Al is u nou ook lelik of mooi,
U word hartlik uitgenooi,

Het u die naam mooi gehoor,
Die naam is Blyvoor Bottel Stoor.

Ons adres is van Zyl Smit straat,
Ons verkoop drank by die groot maat.

Al is u naam nou ook Piet, Gert of Stoffel,
Drink 'n sopie van die witperd uit die bottel.

Het u lus vir wyn,
Ons verkoop bottels by die dosyn.

Ons verkoop ook brandewyn,
En wees verseker van geen hoofpyn.

Blyvoor Bottel Stoor het alle soorte bier,
Kom kry dit gerus maar hier.

Blyvoor Bottel Stoor se foon nommer is 336,
Vir al ons klante doen ons ons bes.

Ons verseker u van vriendelike diens,
Aan Blyvoor Bottel Stoor sê u nooit totsiens.

Maak nou by Blyvoor Bottel Stoor 'n draai,
En u sal nooit u geld versmaai.

By Blyvoor Bottel Stoor kry u 10% afslag,
Waaroor u later lekker sal lag.

Bron: C. van der Westhuizen.

Verder blyk dit ook uit tabel 9 dat 'n oorwegend monopolistiese tendens gedurende die pioniersjare van handelsvestiging binne die tersiêre sektor aan die orde was, wat uiteraard enige mededinging uitgeskakel het:[76] Hiervan is veral die apteke, die finansiële instellings, die drankwinkels en die hotelle, wat in tabel 9 vermeld word, 'n sprekende bewys. Die monopolistiese gesteldheid in die omstreke van Carletonville en Oberholzer het ook vir die sakebedrywighede van ander dorpe binne die jurisdiksie van die Wes Witwatersrandse Plaaslike Gebiedskomitee gegeld. So byvoorbeeld was daar net een hotel op Welverdiend,[77] en een hotel op Bank aanwesig. Enkele groente-, algemene en motorhandelaars het selfs al voor 1948 op Bank sake gedoen. Moontlik was van die Indierhandelaars in veral die Bank-omgewing, vanweë die etlike handelaars wat hier bedrywig was, aan 'n mate van kompetisie blootgestel.[78] Daarbenewens was pionierboukontrakteurs wat in die vyftigerjare onder meer met die oprigting van handelsgeboue gemoeid was en waarskynlik ook met mekaar meegeding het, Phoenix Construction, Gibb and Sons, Farber en Slootwerf, Perkins and Bramely, D.C.G. Hoffman en A. van der Westhuizen Bouers.[79]

### *5.3.2 Infrastrukturele dienste*

Die aanvanklike tekort aan voldoende en behoorlike infrastrukturele dienste soos elektrisiteit, water, geboue en teerpaaie kan ook as 'n verklaring vir die gebrek aan kompetisie in die plaaslike tersiêre sektor voorgehou word. So byvoorbeeld moes mnr. Joe Grolman, wat hom in 1948 as die eerste apteker vir die Carletonville-gebied onderskei het, by 'n gebrek aan die vermelde dienste sy apteek daarsonder laat funksioneer. Die nodige water moes sowat 12 kilometer van die apteek af, met groot en soms "verspilde" moeite, in 'n 198 liter (44 gelling) metaalhouer na die apteek aangery word. Daarbenewens moes 'n kragopwekker die nodige elektrisiteit verskaf, en as gevolg van die onbetroubaarheid daarvan is kerse en lanterns ook dikwels helder oordag gebruik![80] Ander handelspioniers in die geweste het soortgelyke

---

[76] Vergelyk ook Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 15.2.1957 en ***Die Vaderland**,* 4.10.1950, p.14.

[77] **Carletonville Herald**, 16.4.1984, p.16.

[78] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1207/1, Bank Township general: brief, C.F.J. Swanepoel/Peri Urban Areas Health Board, 23.1.1948 asook ***Sunday Express**,* 7.6.1953, p.18.

[79] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/223/2, Oberholzer Township, building and building plansgeneral: brief, Phoenix Construction/Peri Urban Areas Health Board, 18.1.1951; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. van der Westhuizen, 3.3.1989.

[80] ***Sunday Express**,* 7.6.1953, p.18.

ervarings gehad.[81] Namate plaaslike ontwikkeling voortgegaan het, is knelpunte rondom die verskaffing van infrastrukturele dienste uitgeskakel.[82]

### *5.3.3 Die Kamer van Koophandel*

Die stigting van 'n Kamer van Koophandel - tak te Carletonville in ongeveer Februarie 1948, met J.H. van Graan as voorsitter, is oorwegend deur Engelstalige sakelui ondersteun.[83] Tabel 9 op p.275 bevestig dit ook deurdat die meeste pionierhandelsbedrywighede in Carletonville se handelsname Engels was. Vreemd is dit egter nie omdat Afrikaanssprekende sakelui in Suid-Afrika toe nog maar slegs 'n paar jaar tevore aktief tot die sakesektor toegetree het.[84] Die daarstelling van 'n nywerheidsraad vir die gebied in 1955,[85] sowel as die Verre Wesrandse Kamer van Koophandel, het met hulle aanbevelings en hulp ook die verskaffing van infrastrukturele dienste bespoedig deurdat leemtes uitgewys is.[86]

Sedert die Verre Wesrandse Kamer van Koophandel begin funksioneer het, het die verbetering van kommunikasiedienste en genoegsame plaaslike publisiteit aandag van hulle geniet as synde belangrike aspekte in die groei van enige nywerheidsopset.[87] Die installering van byvoorbeeld telefone het heelwat aandag van hulle ontvang.[88] Gedurende 1951 het die Kamer selfs gepoog om 'n plaaslike lisensiekantoor, apart van die, van Fochville, vir die

---

[81] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, mev. N.M. Pretorius, 3.3.1989 asook A. van der Westhuizen, 8.2.1989 en 3.3.1989.

[82] Kyk ***Hoofstuk Twee**,* pp.24-26,29 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. van der Westhuizen, 3.3.1989.

[83] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, February-March, 1948.

[84] Republiek van Suid-Afrika, **Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres**, 4-6.10.1950, pp.7-
147.


[85] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A. van der Westhuizen, 3.3.1989.

[86] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 1950-
1961.

[87] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, January 1950-20.11.1950.

[88] Vir 'n gedeeltelike bevestiging hiervan kyk ***Die Vaderland**,* 4.10.1950, p.14; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 5.6.1951 - 8.1.1951. Kyk ook ***Hoofstuk Ses**,* p.275 in die verband.

**Die voorgestelde Bank-industriële dorp.**




Bron: TBP, Carletonville munisipaliteit, lêer 22/1/2(b), Bank uitbreiding no. 2.

uitreiking van handelslisensies te verkry.[89] Hiervan het niks gekom nie, en die aangeleentheid het eers weer ter sprake gekom lank nadat die Carletonville-gebied munisipale status verkry het.[90] Teen 1959 het die Kamer van Koophandel met 'n gemiddeld van sowat agt lede gefunksioneer. Die ledetal was egter in die middel-vyftigerjare veel hoer, aangesien dit 'n tydperk was waarin plaaslike sakelui aktief was om die handelsmoontlikhede te verbeter.[91]

### *5.3.4 Bevolkingsgroei en handelsontwikkeling*

Die stadige bevolkingsaanwas in veral die dorpe Oberholzer, Bank, West-Wits en Welverdiend[92] het die vestiging van nog besighede in hul sakesentrums vertraag.[93] In 1952 was daar van die altesaam 277 beskikbare besigheidspersele in hierdie dorpe nog skaars 30 benut. Hieronder tel sowat agt erwe in Oberholzer wat nie eers ten voile ontwikkel was nie.[94] Die onsuksesvolle aansoek van H.W.H. Calderbank in 1956 vir die oprigting van 'n vulstasie te Oberholzer was juis te wyte aan die tendens van 'n te lae bevolkingsgroei wat in byvoorbeeld hierdie dorp geheers het. Die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede het die aansoek van Calderbank geweier op grond daarvan dat die bestaande vulstasies, naamlik Blyvoor Motors sowel as Kennedy Motors, reeds veroorsaak het dat die sowat 16%

---

[89] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 8.11.1951.

[90] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 3.5.1962.

[91] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 23.1.1950 asook 20.11.1951. Dit blyk dat die ledetal tussen 1952-1956 van 18 tot 32 gewissel het, en dat daar hiema weer 'n afname was. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minutes, 8.1.1957 asook 13.8.1959.

[92] Kyk ***Hoofstuk Twee****,* pp.28-29,38 ook teen watter tempo dorpsuitbreiding en proklamering in hierdie dorpe geskied het.

[93] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer L1/29/L(1), West Wits Local Area Committee buildings: schedules and reports, 1949-1954. Gedurende hierdie paar jaar het die goedkeuring van bouplanne vir besighede op sake-erwe gesamentlik sowat 95 getel, waarvan die meeste vir Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee was.

[94] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T1/346(1), Carletonville township Extension no. 2: brief, Oberholzer Waaksaamheidskomitee/Sekretaris Dorpsraad, Januarie 1952 en SAB, RNH, Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville dorp: verslag, Townships Boards inspection of proposed Carletonville Extension no. 2 township, 3.3.1952.

ontwikkelde standplase se bevolking oorbedien is.[95] Die handjievol vulstasies, wat meestal ook 'n tweedehandse motorbedryf daarop nagehou het, het wel 'n goeie afset geniet.[96]

Bovermelde neiging by Bank-dorp het daartoe gelei dat die Gesondheidsraad teen 1959 nie bereid was om goedkeuring vir 'n tweede dorpsuitbreiding hier te verleen nie. Dit is 'n besluit wat blykbaar tot groot frustrasie van sakelui in die dorp gelei het. Een van die klagtes wat aan die Raad gerig is, het gelui: ***At one stroke of a pencil virtually the whole of our future developments, the proposed township, not to mention the substantial expense to which we have been put, is to be ruled out and nullified****.* Dit wil uit hierdie klagte voorkom asof sakemanne ter plaatse van mening was dat die proklamering van 'n tweede uitbreiding vir Bank-dorp bevolkingsgroei sou aangemoedig het.[97] Vanweë bovermelde besluit van die Gesondheidsraad was hierdie standpunt egter waardeloos, en dit was inderdaad nutteloos om teen die prikkels van hoëvlakbeplanning en -besluitneming te skop.

Op Welverdiend het dit geensins beter gegaan nie.[98] Dit wil voorkom asof die vermelde lae bevolkingskonsentrasie, gepaard met 'n trae dorpsontwikkeling, eerder skeptisisme onder handelaars kon veroorsaak. Die aansoek van C.E. Durrheim in 1959 by die Stadsraad van Carletonville om die opening van 'n deeltydse manshaarkappersalon in een van die kamers van die Welverdiend-hotel, is hiervan 'n sprekende voorbeeld. Dit lyk asof Durrheim nie kans gesien het om 'n salon op 'n permanente basis hier te bedryf nie en was dit juis, wie weet, vanweë hierdie ongunstige toestand wat in Welverdiend geheers het. Die Stadsraad van Carletonville, wat uiteraard gretig was om ook die sakebelange van Welverdiend te ontwikkel, het die versoek van Durrheim geweier. Hy is egter verseker dat toestemming wel

---

[95] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T1/223/8, Oberholzer township, consent use: brief, Oberholzer Waaksaamheidskomitee/Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 26.3.1956 asook Raadsvergaderings, Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 23.8.1956 en 5.10.1956.


[96] SAB, RNH, Band 273, lêer BB/2, Replanning Hulpkomitee, Beheerde Gebied no. 2: aansoek om stigting van Pottiesville nywerheidsdorp, 27.4.1957, pp.2-3.

[97] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer 61/1/239, Bank uitbreiding no. Twee, aansoeke om stigting: brief, G. Fine en I.G. Slonimsky/Secretary Peri Urban Areas Health Board, 15.11.1958.

[98] Kyk ***Hoofstuk Twee****,* pp.28-29,38.

**Sakebedrywighede in Carletonville in die laat-vyftigerjare.**

*** Die O.K. te Flintstraat.**




***Kennedy motors te Stasiestraat.**




Bron: Antonica Foto's.

*** Ingot House, die eerste sakekompleks te Carletonville.**



Bron: Wes-Driefontein-myn.

verleen sou word indien sy voorgenome besigheid op 'n aparte sakeperseel opgerig word.[99] Of Durrheim hiervoor kans gesien het, kon egter nie bevestig word nie.

Sekerlik die vernaamste faktor vir die lae inwonertal in die vermelde dorpe en gevolglik 'n klein sakesektor, is geleë in die groei van die dorp Carletonville. Ontwikkeling en bevolkingsaanwas het bier, met die nabygeleë goudmyne as stimulus daaragter, reeds vroeg in die dekade vyftig teen 'n veel hoër tempo as op die ander dorpe geskied.[100] Hier word veral gedink aan die sakebedrywighede in Flintstraat, waar onder meer 'n tak van die OK-Bazaars Beperk in 1954 geopen het,[101] sowel as die Ingot House-sakekompleks wat tussen 1954 en 1955 verder uitgebrei het.[102] Hierdie groeitendens is selfs na 1955 gehandhaaf.[103]

Volgens die Februarie 1958-verslag van die bestuurder van die Nederlandsche Bank voor Suid-Afrika-tak in Carletonville was hierdie maand gekenmerk as besonders in die groei van die dorp se sakebedrywighede. Bouplanne ter waarde van 118 990 pond is gedurende die verslagperiode vir besigheidsdoeleindes goedgekeur, en die vestiging van sowat ses winkels en twee motorhawens is in die vooruitsig gestel.[104]

---

[99] TBP, MCV, leer 54/1/2, Handelsregte: brief, Stadsbeplanner Carletonville/Stadsklerk Carletonville, 21.8.1959.

[100] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/421, Carletonville Dorpsuitbreiding no. 6: brief, Hoofingenieur Gesondheidsraad/Sekretaris Gesondheidsraad, 29.10.1957 en *Rand Daily Mail,* 29.11.1951, p.12.

[101] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T1/346(3), Carletonville Extension no.2: brief, OK Bazaars Ltd./Secretary Peri Urban Areas Health Board, 3.12.1955. Die OK-Groep se afskopplek in Carletonville was aanvanklik in die Stanlen-gebou to Flintstraat. Kyk TAB, Maatskappye (MPY), Band 239, leer 54/1215, OK Bazaars Carletonville Limited: brief, Secretary OK Bazaars/Registrar of Companies (Pretoria), 27.10.1960.

[102] ***Die Transvaler,*** 15.1.1954, p.9 en Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer TI346(3), Carletonville Extension no. 2: brief, H.W.E. Stauch en Vennote/G. Fleischack (Potchefstroom) , 1955.

[103] Nedbank-argief, EO, Band 11, lêer 102-108, Ekonomiese oorsigte van Carletonville-tak: verslae, 31.12.1957 - 31.1.1958 en ***Carletonville Herald**,* 24.1.1969, p.1.

[104] Nedbank-argief, EO, Band 11, lêer 102-108, Ekonomiese oorsigte van Carletonville-tak: verslag, 28.12.1958. Vanwee die onvolledigheid van die dokumente van die Plaaslike Gebiedskomitee kon die statistiese gegewens wat deur die Nederlandsche Bank vrygestel is, nie geverifieer word nie.

In 1959 is ongeveer 411 handelslisensies uitgereik, en dit was veral die ondersteuning van die florerende myngemeenskap waarop die groeiende handelssektor gereken het. Salarisse van mynamptenare was glo so hoog dat Amerikaanse luuksemotors byvoorbeeld op 'n groot skaal deur motorhandelaars op die dorp verkoop is.[105] Etlike dae nadat Carletonville munisipale status verkry het, het die Raad se benoemde Lisensiekomitee sy eerste vergadering gehou. Die uitreiking van handelslisensies het onmiddellik die aandag van die Komitee geniet.[106]

### *5.3.5 Die dekade sestig*

In teenstelling met die industriële sektor was die gesteldheid van handelsbedrywighede in die Carletonville-gebied gedurende 1960-61 vooruitstrewender. Benewens die vooruitsigte vir die vestiging van nog goudmyne en die uitbreiding van bestaandes, kan die gunstige saketoestande ook aan die verbeterde infrastruktuur toegeskryf word. In hierdie stadium was ESKOM byvoorbeeld aktief besig om die hele gebied van krag te voorsien.[107] Hierbenewens het die Randse Waterraad toe al water aan die meeste verbruikers verskaf.[108]

'n Tak van die Afrikaanse Sakekamer, wat reeds in 1959 te Carletonville gestig is,[109] sowel as die Kamer van Koophandel-tak het hulle bevordering van plaaslike sakebelange gedurende hierdie dekade voortgesit. Hieronder tel die vertoe aan die Stadsraad vir die oprigting van 'n brandweerstasie sowel as 'n versoek dat instansies hulpkoopskemas, afslaerfirmas en kredietburo's van buite, wat verkope in Carletonville

---

[105] Nedbank-argief, EO, Band 11, lêer 102-108, Ekonomiese oorsigte van Carletonville-tak: verslag, 28.12.1958. Vanwee die onvolledigheid van die dokumente van die Plaaslike Gebiedskomitee kon die statistiese gegewens wat deur die Nederlandsche Bank vrygestel is, nie geverifieer word nie.

[106] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: vergaderings, Lisensiekomitee, 21.7.1959 asook 20.8.1959.

[107] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Inhuldigingsplegtighede: verslag van sy edelagbare die Burgemeester
vir die tydperk geeïndig, 7.3.1962, p.11.

[108] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek***,
1960-61, p.454.

[109] Vanweë gebrek aan notifies van die Sakekamer is dit moeilik om hulle gang van bedrywighede deurlopend en presies to monitor. Kyk wel Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grandling, 19.10.1988.

wil doen, weggewys moet word.[110] 'n Ander saak waarmee die Kamers gedurende 29-30 Mei 1961 hul bemoei het, is die stakings onder plaaslike swart werkers as deel van 'n landswye tendens wat voorgekom het. Om te verhinder dat die sakesektor hierdeur lam gee word, is 'n plaaslike taakmag van skoolleerlinge deur die Kamer van Koophandel opgestel wat noodsaaklike diens gedurende die twee dae suksesvol verrig het.[111]

Ten spyte van sporadiese terugslae soos stakings en grondverskuiwings, was die algemene handelstoestand van Carletonville tussen 1961-1962 gesond. Grondverskuiwings in die gebied het the soseer die sakebedrywighede van handelaars in hierdie stadium gekortwiek the. Die gerusstelling van die Stadsraad in 1961 het die plaaslike Kamer van Koophandel, as mondstuk van die meerderheid binne die sakesektor, nog in die stadium tevrede gestel.[112] Die mynkoopkrag het veral ten tyde van die ontwikkeling van Western Deep Levels toegeneem. As uitvloeisel hiervan het meer handelaars hulle in die gebied gevestig.[113] 'n Rekord getal van 500 handelslisensies is tussen April 1961 en April 1962 uitgereik.[114]

Sedert 1962 het die voorkoms van grondverskuiwings egter se, toegeneem dat die plaaslike gemeenskap nie meer met die positiewe verklarings van die Stadsraad aan hulle oor die toekoms van die gebied gerusgestel kon word nie. Hul vrees dat die koopkrag in Carletonville mag afneem, was sekerlik die vernaamste rede vir die onrustigheid. Gevolglik het die Carletonvillese Kamer van Koophandel versoek dat 'n publisiteitsveldtog ten gunste van die gebied momentum moes kry en dat hierdie veldtog die groei en ontwikkeling van die munisipale gebied gunstig moes uitbeeld.[115] Dit is gedoen deurdat die Raad in sy uitreiking

---

110 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce (Hierna genoem die Carletonville/Oberholzer ...), minutes, 15.9.1960 asook 20.6.1961; 8.2.1962 en 19.2.1963 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988.

111 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberholzer Chamber of Commerce, minutes, 18.5.1961 - 19.5.1961 asook 15.6.1961.

112 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberhoizer Chamber of Commerce, minute, 28.9.1961.

113 ***The Star,*** 13.9.1961, p.2.

114 TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Inhuldigingsplegtighede: verslag van sy edelagbare die burgemeester vir die tydperk geeindig op 7.3.1962 asook Band 4, leer 2/2, Amptelike onthale en funksies: verslag van die burgemeester, April 1962.

115 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, CarletonvillelOberholzer Chamber of Commerce, minute, 24.1.1963.

van verklarings veral op die toename in goedgekeurde bouplanne, sowel as op die toename van handelslisensies in Carletonville, gekonsentreer het.[116] Omstandigheidsfaktore soos die verandering van die oorspronklike spoorwegroete, die ontruiming van etlike wonings sowel as die gevaartekens op sommige provinsiale roetes, het egter meer publisiteit van die media ontvang.[117]

Dit is opmerklik dat die Kamer van Koophandel en die Afrikaanse Sakekamer, te midde van die bovermelde toedrag van sake, steeds hulle projekte en aktiwiteite binne die raamwerk van hulle doelstellings voortgesit het.[118] Een hiervan was die sogenaamde ***koop in Carletonville veldtog*** as uitloper van die krisistyd waarin die gemeenskap hom bevind het.[119] Die rede hiervoor was omdat van die publiek geneig het om eerder na Randfontein of Krugersdorp vir hulle maandelikse inkopies te gaan as om die plaaslike sakebedrywe te ondersteun. 'n Gebrek aan 'n voldoende verskeidenheid produkte, tesame met die Stadsraad se bevriesing van die oprigting van enige verdere groot kettingwinkels,[120] het oënskynlik hierdie bestedingspatroon bevorder.

'n Wig is verder in die positiewe publisiteitspogings van die Stadsraad ingedryf met die onverwagse verskyning van 'n reuse-sinkgat in die Westdene-woongebied van die Blyvooruitzicht-myn in Augustus 1964. Dit het die Carletonville publiek ontsenu.[121] Veral

---

[116] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2/2(2), Inhuldigingsplegtighede: verslag van die burgemeester vir die tydperk geeindig, 21.3.1963 en ***Carletonville Herald****,* 8.1.1965, p.1.

[117] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberholzer Chamber of Commerce, minutes, 25.6.1963 asook 25.10.1963.

[118] ***Carletonville Herald****,* 24.1.1964, p.1; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberholzer Chamber of Commerce and Industries, [die naam van die Carletonvillese Kamer van Koophandel het weer verander], minute, 4.6.1964 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988.

[119] Carletonville Herald, 28.2.1964, p.2.

[120] ***Carletonville Herald,*** 6.3.1964, pp.I-2 asook 19.6.1964, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988.

[121] ***The Star,*** 9.9.1964, p.3.

Afrikaanstalige sakelui het hulle spoedig hierna uit die gebied onttrek, en dit het die werksaamhede van die Afrikaanse Sakekamer jare hierna nog geknou.[122]

Die gebeure op Blyvooruitzicht en grondverskuiwings elders in die gebied het geleidelik die sakesektor van Carletonville in 'n wurggreep gehad. 'n Gebrek aan vertroue van binne en van buite Carletonville moes noodwendig die inkomste van verskeie besighede nadelig geraak het. Die eiendomsmark byvoorbeeld is as traag bestempel, met kwalik 'n aanvraag na sake- en handelspersele. Op sy beurt het dit ook 'n depresierende effek op eiendomme gehad, en bougenootskappe was ook nie enigsins begerig om die oprigting van onder meer nuwe handelsgeboue in die dorp te finansier nie.[123] Die reaksie van bougenootskappe is uiteraard nie verwelkom nie maar sekerlik wel te begrype. Statistiek gedurende 1964 het byvoorbeeld melding gemaak van sowat 86 besighede in die gebied wat, vanweë grondverskuiwings, skade aan hul sakepersele opgedoen het.[124]

'n Ander negatiewe effek wat die verskynsel van versakkende grond op die tersiêre sektor gehad het, is die sektor se arbeidsmag. Potensiële werkskragte buite die gebied was glo te bang om in die gebied te kom woon. 'n Arbeidstekort was dus ook in hierdie stadium deel van Carletonville se menigte probleme.[125]

Geharde sakemanne was, ten spyte van die toedrag van sake, teen Januarie 1965 steeds optimisties oor die toekoms van Carletonville.[126] Daarbenewens het wetenskaplike ondersoeke in die daaropvolgende jaar aan die lig gebring dat die sakesentrum van

---

[122] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988 asook V. van Aswegen, 3.3.1989.

[123] SAB, RNH, Band 224, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: memorandum in verband met sinkgate en insinking in dolomitiese gebiede, 17.11.1964.

[124] SAB, RNH, Band 224, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: brief, Stadsklerk Carletonville/RONH, 19.11.1964.

[125] ***Carletonville Herald**,* 13.11.1964, p.3 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988.

[126] ***Carletonville Herald**,* 8.1.1965, p.1 asook 5.2.1965, p.1.

Carletonville veilig 18.[127] Handelsbedrywighede het toe nietemin reeds 'n afname getoon deurdat die totale handelslisensies uitgereik teen 1964 al tot 300 gedaal het.[128] Sowat 245 besighede was toe in bedryf. Alhoewel weinig noemenswaardige grondverskuiwings in die dorpe Oberholzer en Welverdiend voorgekom het, was sakebedrywighede hier, vanweë die stigma van grondversakking wat aan die res van die gebied gekleef het, waarskynlik geensins beter daaraan toe nie.

Die jaar 1965 het vir die Carletonvillese sakesektor nie rooskleuriger verloop nie. Bevindinge van die Staats Koördinerende Tegniese Komitee het op die moontlike permanente ongeskiktheid van sommige erwe gedui. Dit sou noodwendig negatief op die toekoms van Carletonville kon inwerk. Vir die Stadsraad, wat tot in hierdie stadium werklik gepoog het om sakelui se vertroue te behou, was dit 'n verdere terugslag. Die bekendmaking van die Dolomitiese Waterraad dat bouers in die toekoms ook nie vir skade aan geboue, as gevolg van grondbeweging, vergoed gaan word nie, het nog sout in die wonde van die gekweste gemeenskapstruktuur gevryf. Dit sou uiteraard daartoe lei dat minder bouers in die toekoms bereid sou wees om geboue in die Carletonville-gebied op te rig.[129]

Ook die plaaslike sakesektor was erg ontevrede omdat die Dolomitiese Raad nie bereid was om skadevergoeding aan besighede, wie se winste deur die sluiting van belangrike verbindingspaaie geaffekteer is, uit te betaal nie.[130] Twee bekende sakemanne van die dorp, B. Lumley en J. van Rooyen, het hulle misnoeë hierteenoor uitgespreek.[131] Alhoewel Lumley

---

[127] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2/2(2), Inhuldigingsplegtighede: verslag van die burgemeester geeindig op
9.3.1965, pp.2,9.

[128] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suld-Afrikaanse Munisipale Jaarboek****,*
1964-65, p.321.

[129] TBP, MCV, lêer 33/1/4(e), Formasie, gevolge van ontwatering: memorandum aan die minister van Mynwese en van Beplanning, Sy Edele dr. C. de Wet, insake die gevolge wat ontwatering van dolomitiese gebiede as gevolg van mynbou op die ontwikkeling van Carletonville het, 14.9.1967, pp.4-5 en ***Carletonville Herald****,* 19.3.1965, p.1.

[130] ***Carletonville Herald****,* 5.3.1965, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberholzer Chamber of Commerce and Industries, minute, 6.2.1966. (Die notules van die tydperk 1966-1974 het verlore gegaan).

[131] ***Carletonville Herald****,* 5.3.1965, p.1 asook 17.12.1965, p.2 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, V. van Aswegen, 3.3.1989.

en Van Rooyen se vertroue in die dorp ook aan die wankel was, het hulle tog in Julie 1965 daarin geslaag om 'n ooreenkoms met Esso Eiendoms Beperk te beklink. 'n Belegging van etlike duisende rand in Carletonville is deur die Oliemaatskappy in die vooruitsig gestel.[132]

Teen Desember 1965 was die gang van sakebedrywighede nog alles behalwe gunstig. In die lig van die plaaslike ekonomiese gesteldheid het sakemanne 'n beroep op die Afrikaanse Sakekamer en Kamer van Koophandel gedoen om 'n gekoördineerde poging aan te wend in die beskerming van die belange van plaaslike sakelui.[133] Dit het wel in 1966 gebeur toe daar met die minister van Mynwese, J. Haak, en die minister van Waterwese, P.M.K. le Roux, onderhandel is.[134] 'n Carletonville Advieskomitee, met J. van Rooyen as voorsitter, het hieruit ontstaan. Die doel van die komitee was om die betrokke ministers gereeld met betrekking op die stand van plaaslike sakebedrywighede te adviseer.[135] Na 'n reeks samesprekings is mnr. Haak deur die komitee versoek om 'n ekonomiese kommissie aan te stel wat onder andere die omvang van die skade in Carletonville moes bepaal en vertroue in die gebied moes help herstel.[136] Dit is egter onseker of so 'n kommissie wel aangewys is. Dit is wel bekend dat die Stadsraad van Carletonville in 1967 'n volledige memorandum met betrekking tot die invloed van grondverskuiwings op die gebied an die minister van Mynwese en Beplanning oorhandig het.[137]

Die betrokkenheid van die Regering het egter nie die stand van sake in Carletonville oornag verbeter nie. Dit blyk veral dat Afrikaanstalige sakemanne, wat op die een of ander wyse met die boubedryf en die eiendomsmark skakel, nie meer in staat was om veel langer die onsekere en wankelrige bestaan voort te sit nie. Sommiges, onder wie Lumley en Van Rooyen, het reeds in Junie 1966 verhuis.[138] Die Dolomitiese Waterraad wat nie alle eise

---

[132] Herald vir die Goue Weste, 25.6.1965, p.1.
[133] **Carletonville Herald**, 17.12.1965, p.2.

[134] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville/Oberholzer Chamber of Commerce and Industries, minute, 6.2.1966 en ***Herald vir die Goue Weste**,* 11.2.1966, p.1.


[135] Herald vir die Goue Weste, 15.2.1966, p.1.

[136] Herald vir die Goue Weste, 25.3.1966, p.1.

[137] TBP, MCV, lêer 33/1/4(e), Formasie, gevolge van ontwatering: memorandum aan die minister van Mynwese en van Beplanning ..., 14.9.1967.

[138] Herald vir die Goue Weste, 24.6.1966, p. 1

**‘n “Stil” Bank-dorp teen Maart 1970.**




Bron: *The Star,* 24.3.1970.

rakende indirekte skade vergoed het nie, was klaarblyklik ook indirek vir die ontevredenheid en onttrekking van sommige handelaars uit die gebied verantwoordelik.[139]

Die Stadsraad van Carletonville se kommer oor die verhuising van sakelui blyk duidelik uit 'n onthaal in Augustus 1966 wat spesifiek vir finansiële instellings gereel is. Verteenwoordigers van banke, bougenootskappe, assuransiemaatskappye en die pers is genooi. Hiertydens is die aard van die omgewing se probleme sowel as Carletonville se toekoms, wat as rooskleurig bestempel is, bespreek.[140] Hiermee het die Stadsraad gehoop om die samewerking van hierdie instansies te verkry, sodat die neiging om uit Carletonville te onttrek, gestuit kon word. Dit het inderdaad gebeur en die sakesektor, by monde van die Kamer van Koophandel en Afrikaanse Sakekamer, was dit met mekaar eens dat die sakesektor van Carletonville die toekoms nou met meer vertroue tegemoet kon binnegaan.[141] Vertroue is verder bevorder deur die byna ongestoorde gang van mynbedrywighede in die gebied. Plaaslike goudmynmaatskappye het in geen stadium hulle bedrywighede, vanweë die aanwesigheid van grondverskuiwings, gestaak nie.[142] So al steunende op hierdie pilaar is die instandhouding van ander sektore en dienste plaaslik verseker.

Gedurende 1968-69 het 289 besighede in die Carletonville-omstreke sake gedoen.[143] Dit was in hierdie stadium bekend dat die plaaslike goudmynbedryf verder sou uitbrei en daaruit sou sakelui verder voordeel kon trek. Sakemanne kon nietemin toe al met reg daarop roem

---

[139] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 2: korrespondensie, brief, J. van Rooyen/Die Minister van Mynwese, 10.4.1967 (Dokumenteversameling dr. E.J. Stoch) en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, V. van Aswegen, 3.3.1989.

[140] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Amptelike onthale en funksies: onthaal van finansiele instellings, 17.8.1966, pp.1-4.

[141] TAB, MCV, Band 51, lêer 73/5(5), Publisiteit: koerantknipsel, ***Die Transvaler**,* September 1966, p.2; ***Herald vir die Goue Weste**,* 19.5.1967, p.1 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer T9/2/2, Finansiele instellings: brief, O.K. General Manager/Town Clerk Carletonville, 30.5.1967.

[142] Die myne het in hierdie stadium gesamentlik 'n bedryfswins van sowat R73 miljoen ingebring. Kyk ook ***Hoofstuk Vier*** met betrekking tot die geskiedenis van die plaaslike goudmynindustrie.

[143] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek**,* 1968-69, p.332.

**Ed’s Motors in die jare sewentig**.




Bron: F. Laubscher.

dat hulle een van die rykste gebiede in die land bedien, en dat die groot getal mynwerknemers hul inkomste hoofsaaklik plaaslik bestee het.[144]

Sakebedrywighede in die Bank-omgewing het egter nie in die herstelproses van die sakesektor te Carletonville en Oberholzer gedeel nie. Die ontwatering van die Bank-Kompartement het sinkgate op Bank laat toeneem en verblyf teen 1970 bier lewensgevaarlik gemaak.[145] Die meeste bedrywighede in die geweste, waaronder die van ou gevestigde sakelui, het hiermee saam in die niet verdwyn. Sommige was van mening dat die goud wat hulle hierheen ***gebring*** het, hulle nou ***weg[ge]jaag*** het.[146] Die bedoeling hieragter was dat die vestiging van goudmyne die bepalende faktor vir die stygende bevolkingskonsentrasie en vir die instelling van sakebedrywighede was. Hierteenoor egter was die sektor ook vir die onttrekking van ondergrondse water in die gebied verantwoordelik, wat die voorkoms van sinkgate verhaas het.

### *5.3.6 Die "vasbyters" en die "ongewenstes"*

Ten spyte van die ontruiming van Bank-dorp en die etlike ander probleme wat grondversakkings in die gebied meegebring het, het handeisbedrywighede in Carletonville met aanvang van die dekade sewentig voorspoediger daaruit gesien. Hieronder tel die motorbedryf, Eds' Motors, van mnr. Eddie Twaits wat by na die ontruiming van Bank in Annanstraat Carletonville heropen het.[147] In die sakekringe van Carletonville is daar in hierdie stadium verwys na die vasbyters en die ongewenstes. Die vasbyters was die handelaars wat deurgedruk het en nou die vrugte na etlike maer jare begin Pluk het nadat die ongewenste handelaars wat deur die sinkgate verdryf is die wyk geneem het.[148]

---

[144] ***Carletonville Herald,*** 24.1.1969, p.1 en TBP, Argief van die Departement Bantoe-administrasie en - ontwilckeling (BAG), Band 3038, leer C39/28/1108, Arbeidsburo Carletonville: brief, Venter, Mosdell, Suttners Stores, Spilkins Outfitters/Dept. Bantu Administration and Development, 24.4.1970.

[145] Kyk ***Hoofstukke Twee,*** pp.36-37 en ***Drie,*** pp.90-91 vir meer besonderhede.

[146] ***Carletonville Herald,*** 30.1.1970, pp.10-11 en *The Star,* 8.1.1970, p.2 asook 24.3.1970, p.5.

[147] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E. Twaits (Oud-Sakeman, Bank-dorp en Carletonville), 20.4.1989. Volgens die eienaar het Eds' Motors al vanaf 1936 in Bank sake gedoen.

[148] ***Die Vaderland,*** 16.10.1980, pp.16-17.

Alhoewel die plaaslike tersiêre sektor dus inderdaad begin herstel het, was dit nog geensins vergelykbaar met die van buurdorpe in sy streek nie. Dit geld ook vir die arbeidsterkte in dié sektor. Sowat 4,72% van die plaaslike bevolking, naamlik 1 500 blankes, 2 924 swart mense, 100 Kleurlinge en nege Asiërs was teen 1970 in die tersiêre sektor werksaam. Dit was aansienlik laer is as die van buurdorpe Randfontein, Roodepoort en Krugersdorp.[149] Die mees voor-die-handliggende rede hiervoor, wat tans ook geldig is, is dat die drie dorpe 'n meer gebalanseerde arbeidsverdeling tussen die ekonomiese sektore verteenwoordig, terwyl die Carletonville-distrik deur die dominerende werkverskaffer, die mynbousektor, gedra word.

Ongeag die ekonomiese wanbalans in Carletonville het die getal besighede wat tussen 1971 en 1972 in Carletonville sake gedoen het, tot 330 gestyg, wat heelwat hoer is as gedurende die sestigerjare.[150] Die feit dat 'n verskeidenheid handelsdienste steeds op die drumpel van die verbruiker was, naamlik van speelgoed- en stokperdjiewinkels tot verbruikersgoedere, huisuitrusting en landbou-implemente, moes waarskynlik ook die vertroue van die Carletonville-verbruiker in die toekoms van die gebied gunstiger gestem het.[151] Die bemoeienis van die Stadsraad met sy plaaslike sakesektor in die sestigerjare is 'n sprekende bewys van hoe belangrik die vertroue van tersiêre instansies in die gebied geag is om sodoende die vertroue van die res van die gemeenskap te verkry.[152] Deels dus te danke aan die sogenaamde vasbyters het die Carletonvillers 'n standvastiger tydperk in die geskiedenis van Carletonville betree.

---

[149] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 02-05-06, Bevolkingsensus, ***Beroep en nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek, 1970,*** 1970, pp.51,115,173,215.

[150] Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek****,* 1971-72, p.351 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Okt. 1988, 19.10.1988.

[151] TAB, MCV, Band 52, lêer 73/5(7), Publisiteit: saketelefoon en koopgids vir Carletonville, 1970-71.

[152] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Amptelike onthale en funksies: onthaal van finansiële instellings, 17.8.1966, pp.1-4.

**Lede van die Carletonvillese Huisvrouliga.**



Bron: Carletonville Herald.

### *5.3.7 Die gety van voorspoed*

Vir Carletonville was die jaar 1975, wat sakebedrywighede betref, 'n keerpunt. Die totale handelslisensies, naamlik 595,[153] was byna net soveel as die, getal wat tussen 1960-62 uitgereik is.[154]

Hierdie tendens van herstelde vertroue was ook grootliks aan die heropening van die oorspronklike spoorlynroete, en die heropening van die meeste provinsiale paaie na die Wesrand te danke. Groot staatsbeleggings wat in Carletonville aan die gang was, onder meer 'n hospitaal en 'n polisiestasie, het uiteraard ook die vertroue herbevestig.[155]

Nog handelsbanke en bouverenigings - finansiële instellings wat vertroue wek - het gedurende 1975 en 1976 in Carletonville geopen.[156] Handels- en finansiële instellings van die Carletonville-gebied se bydrae tot die BGP van die Wesrand-Streek (toe nog Streek no. 50, later Streek no. 75) het teen 1975 sowat 13,5% beloop. Dit is ver meer as die van Westonaria en Randfontein, maar Roodepoort en Krugersdorp het nog kop en skouers bo Carletonville en die ander dorpe uitgestaan.

Vanweë die plaaslike goudmyne se groot aandeel tot die totale BGP-bydrae van die Oberholzer-distrik lyk. die BGP-bydrae van die kommersiële instansies van die distrik (waarvan die meerderheid in die munisipale gebied van Carletonville val), naamlik 3,1%, minder indrukwekkend. Dit vergelyk egter veel beter as die reeds vermelde BGP-bydrae van die plaaslike industriële sekondêre sektor.[157]

---

[153] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Okt. 1988, 19.10.1988.


[154] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Inhuldigingsplegtighede: verslag van sy edelagbare die burgemeester vir die tydperk geeindig op 7.3.1962.

[155] TBP, MCV, lêer 73/5(9), Publisiteit: statistiek, Carletonville Stadsraad, 1974; ***Carletonville Weekly Record,*** 28.3.1975, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, report of the president, 24.6.1975, pp.1-3. Vir 'n breedvoeriger beskrywing, kyk ook ***Hoofstukke Ses,*** pp.253-254,262-263 en ***Sewe,*** pp.318,323.

[156] ***Carletonville Weekly Record,*** 28.3.1975, p.11 asook 23.1.1976, p.1.

[157] Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, verslag no. 09-14-04, ***Bruto geograftese produk teen faktotinkome volgens landdrosdistrik**, 1975,* 1975, p.22. Die BGP-persentasie van die tersiere sektor is verkry deur die Sentrale Statistiekdiens se handel en verversingsafdeling sowel as fmansiering en vaste eiendom saam to bereken.

**Die bou en opening van die nuwe O.K.-kompleks te Carletonville.**






Bron: Carletonville Herald.

Die Kamer van Koophandel het onder 'n gunstiger toedrag van sake ywerig hul werksaamhede van vroeër voortgesit. Handels- en vervoerprobleme, naas kwaliteit verbruikersdiens, was van die vernaamste sake wat hul aandag gedurende 1975 ontvang het.[158] 'n Ander plaaslike instansie wat ondertussen 'n effektiewe verbruikersdiens gevestig het, is die plaaslike Carletonvillese Huisvrouliga.[159] Ofskoon die presiese datum van die stigting daarvan nie bekend is nie, blyk dit dat die tak reeds in Maart 1975 goed op dreef was.[160] Aspekte soos misleidende advertensies, swak gehalte goedere en onbehoorlike diens is aangeroer. Hierin het die plaaslike tak besonder sukses in hul hantering van verbruikersprobleme gehad.[161] Die belangstelling in die aktiwiteite van die Carletonvillese Huisvrouliga was tot 1988 nog iets buitengewoons. Met 'n getalsterkte van 100 lede was hulle in die stadium een van die grootste Huisvrouligatakke in die land.[162]

Gedurende 1976 was handelsbedrywighede in Carletonville, te midde 'n tydperk van nasionale onrus en 'n stygende inflasie, steeds besig om van krag tot krag te gaan. Die getal besighede het tot 390 gestyg, en 745 handelslisensies is uitgereik.[163] Dit wil egter nie se dat Carletonville nie die landswye inflasie en die onrus onder swart mense totaal vrygespring het nie. Sakelui is gedurende die jaar herhaaldelik deur die plaaslike Kamer van Koophandel versoek om die winsgrens op produkte sodanig te verlaag dat inflasie teengewerk kan word.[164] Daarby moes sakebedrywighede gedurende die jaar verskeie kere sonder die hulp van hul swart werkers, vanweë stakings, klaarkom.[165]

---

[158] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 9.7.1975 asook 14.10.1975.

[159] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, mev. L. Lewis, 8.2.1989 (Lid, Huisvrouliga, Carletonville).

[160] ***Carletonville Herald,*** 7.3.1975, p.13; ***Carletonville Weekly Record,*** 23.5.1975, p.8 asook 30.5.1975, p.9 en 13.6.1975, p.13.

[161] ***Carletonville Weekly Record,*** 21.1.1977, p.8 en Huisvrouliga van Suid-Afrika, ***Rands and Sense,*** November 1988-January 1989.

[162] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, mev. L. Lewis, 8.2.1989.

[163] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Des. 1988, 19.10.1988.

[164] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minute, 20.1.1976; ***Carletonville Herald,*** 13.8.1976, p.4 asook 20.10.1976, p.14 en 1.10.1976, p.17.

[165] Carletonville Weekly Record, 6.8.1976, p.3.

'n Ander probleem wat in 1976 in Carletonville kop uitgesteek het, was smoushandelaars wat op oop ruimtes van die dorp handel gedryf het. Alhoewel die plaaslike Kamer van Koophandel hul sterk hierteen uitgespreek het, is nie veel bereik nie, aangesien die tipe handelaars wel in besit van smouslisensies was.[166] Ongeag die wenslikheid van smouse, al dan nie, is hierdie verskynsel in hierdie stadium beskou as 'n goeie aanduiding van toenemende vertroue in die dorp se toekoms. Vertroue is ook by groot handelsondernemings soos Manboys en die OK opgemerk. Hierdie ondernemings het in 1976 aangekondig dat hulle hul handelsbelange in Carletonville gaan uitbrei.[167]

Die mynbedryf se beplande inwerkingstelling van 'n vyfdagwerkweek vir sy mynwerkers het moontlik in hierdie stadium ook tot 'n verbeterde sakeklimaat in Carletonville bygedra. Vir die Carletonvillese Stadsraad was dit egter kommerwekkend, aangesien die tradisionele blanke sakesentrum deur swart werkers oorstroom kon word. Hierbenewens sou busroetes na die sakesentrum aangepas moes word, bykomende infrastrukturele geriewe soos ablusieblokke opgerig word, en besigheidslui sou moontlik hul fasiliteite ook moes uitbrei. Die Stadsraad het nietemin onderneem om aan hierdie sake aandag te skenk.[168]

Vir die sakesektor van Carletonville was 11 Oktober 1977 sekerlik 'n mylpaal toe die OK-groep sy grootste enkelvlakkompleks in die dorp geopen het.[169] Nie alleen het dit die kompetisie onder besighede in die gemeenskap verhoog nie maar het dit ook kopers van dorpe buite Carletonville getrek.[170] Hierbenewens het nog meer handelsondernemings hulle in Carletonville gevestig.[171] Dit blyk veral uit die getal besighede wat gedurende die jaar tot

---

[166] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 16.3.1976 asook 14.3.1976 en presidential report, 27.7.1976.

[167] ***Carletonville Weekly Record,*** 27.8.1976, p.1 asook 11.2.1977, p.6; 22.4.1977, p.3 en ***Carletonville Herald,*** 17.6.1977, p.6 asook 8.10.1976, p.1.

[168] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules, buitengewone vergadering van die Stadsraad, 6.5.1976.

[169] **Carletonville Herald**, 14.10.1977, p.1.

[170] Carletonville Weekly Record, 30.9.1977, p.2.

[171] ***Carletonville Weekly Record,*** 5.8.1977, p.17 asook 7.10.1977, p.16 en ***Carletonville Herald,*** 7.10.1977, p.25.

468 gestyg het. Sowat 900 handelslisensies is toe uitgereik.[172] Te oordeel aan die getal ondernemings gemoeid met elektrisiteitsdienste, meubelverkope, motorverkope en algemene uitrusters in Carletonville lyk dit asof hierdie bedrywe goed sake gedoen het. Elk het tussen 15 en 26 ondernemings getel.[173] So vooruitstrewend was Carletonville dat dit in die stadium geprys is as die dorp met die hoogste groeikoers in Suid-Afrika en waar weinig werkloosheidsprobleme voorgekom het.[174]

### *5.3.8 Die padnetwerk in en om die sakesentrum: "Ander paaie na Rome"*

'n Probleem wat gedurende 1977/78 wel beroeringe onder sakelui tot gevolg gehad het, is die Stadsraad se daarstelling van eenrigtingstrate in die sakesentrums met die doel om die voorkoms van motorongelukke to verminder. Sakemanne was egter van mening dat die eenrigtingstrate sakebedrywighede negatief beïnvloed het.[175] Die Stadsraad het hierdie klagte betwyfel aangesien, volgens hulle, die inkopiepatroon van verbruikers nie maklik verander word nie.[176] Die Kamer van Koophandel kon, ten spyte van hulle misnoeë en vertoë,[177] nie daarin slaag om dié situasie verander nie.[178]

Uit die gegewens van die Oberholzer-distrik vir 1978 lyk dit asof die probleem in sake eenrigtingstrate tog inderdaad nie die handels- en sakebedrywighede so geaffekteer het nie. Die distrik se BGP-bydrae tot die handelsbedrywighede van die Wesrand-Streek het tot

---

172 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Des. 1988, 19.10.1988.

173 Chamber of Mines, West Wits Line project: planning for the future, p.56.

174 ***Carletonville Weekly Record**,* 7.10.1977, p.1 asook 14.10.1977, p.3. Dit was tot 1980 nog die geval. Kyk ook *Carletonville Herald,* 31.10.1980, p.1.

175 ***Carletonville Weekly Record**,* 22.7.1977, p.1 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 6.9.1978 - 17.9.1980.

176 Carletonville Weekly Record, 22.7.1977, p.1,12.

177 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minute, 17.9.1980.

178 Die kwessie rakende eenrigtingstrate het ook in 1981 ter sprake gekom, maar dit was weer eens onsuksesvol. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minute, 18.2.1981.

**Die Pick-‘n-Pay-kompleks in aanbou.**



Bron: Carletonville Herald.

14,1% gestyg.[179] Sowat 521 besighede was vir hierdie prestasie verantwoordelik, en meer handelslisensies, naamlik 953, is die jaar uitgereik.[180] Onder nuwe en uitgebreide saketoevoegings het Jets,[181] Edgars[182] en Oberholzer Groothandelaars[183] getel.

Nieteenstaande Carletonville se goed voorsiende sakesentrum het sowat 16% van die bewoners in die munisipale gebied steeds teen 1978 verkies om sake in veral die Witwatersrandomgewing to doen.184 Onder die myngemeenskap van Deelkraal en Elandsrand was Potchefstroom weer vir die doel gewild. 'n Rede hiervoor was blykbaar die gebrek aan behoorlike toevoerpaaie na sakesentrums in Carletonville en die Blyvooruitzicht-myndorp,[185] terwyl hiperwinkels in die Witwatersrand Carletonvillers getrek het.[186] Waarskynlik is dit vanweë die groter verskeidenheid produkte en dienste wat onder een dak aangebied word.

### *5.3.9 Die opening van 'n Pick-'n-Pay-tak en ander handelsondernemings*

Die Pick-'n-Pay-groep se aankondiging in Julie 1978 dat hulle 'n multimiljoenrandhiperwinkel in Carletonville gaan oprig,[187] het heelwaarskynlik die dorp se stadsvaders breed laat glimlag.[188] Dit sou beteken dat plaaslike verbruikersbesteding sou styg indien 'n omvattender handelsdiens aan die inwoners voorsien word. Die stadsvaders kon ook verder "glimlag",

---

[179] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 09-14-05, ***Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik**, 1978,* 1978, p.22.

[180] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Des. 1988, 19.10.1988.

[181] Carletonville Weekly Record, 17.3.1978, p.3.

[182] Carletonville Herald, 14.4.1978, p.8.

[183] Carletonville Herald, 14.4.1978, p.3 en Carletonville Weekly Record, 17.4.1978, p.8.

[184] Chamber of Mines, West Wits Line project: planning for the future, pp.30,37 en A. Nieuwoudt, Die beplanning van die ontwikkelende verspreide skid in die gebied van Carletonville, Fochville en Westonaria, p.227.

[185] TBP, Carletonville Munisipaliteit, lêer 33/1/2(b)(1), Elandsrand: memorandum van die stadsingenieur Carletonville, 9.10.1978, pp.1-4.

[186] Chamber of Mines, ***West Wits Line project: planning for the future**,* pp.30,74. Die Beplanningsverslag meld dat die verstrooide card van dorpe in die gebied ook vir onder meer die "rusteloosheid" van die gemeenskap se kooppatroon verantwoordelik is.

[187] ***Carletonville Herald**,* 2.6.1978, p.9 asook 18.5.1979, p.1 en 25.7.1980, p. 1.

[188] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 19.10.1988.

omdat hulle belastingsinkomste hierdeur vergroot sou word, en wel vanweë die invordering van erfbelasting en inkomste uit dienste gelewer soos water en elektrisiteit. Op 10 Oktober 1980 het die Pick-'n-Pay-kompleks in Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee (die sakesentrum) geopen.[189] Hierbenewens was weinig besigheidserwe in hierdie stadium in die uitbreiding nog onontwikkeld. Dit geld ook vir die sake-erwe wat in Oberholzer beskikbaar was, en van die sowat 95 besigheidserwe te Welverdiend was 86 toe al benut.[190] Soos die OK sou die opening van Pick-'n-Pay ook noodwendig 'n nadelige effek op die omset van kleiner ondernemings hê.[191]

Die munisipale gebied van Carletonville is ook in hierdie stadium vir sy fenomenale groei in die geheel geloof.[192] Berigte vermeld onder meer dat huispryse veral in 1980 buitengewoon gestyg het en huise selfs skaars was.[193] Sowat 18 eiendomsagentskappe, in teenstelling met die vier ondernemings wat gedurende die sestigerjare bedrywig was, het toe in die gebied sake gedoen.[194] Sakelui was dit met mekaar eens dat daar van die eertydse wantroue in Carletonville nou nie meer sprake was nie.[195] Dit blyk ook uit die toename in die handelsektor se 1981 bydrae van 3,16% tot die BGP van die Oberholzer-distrik.

Alhoewel dié sektor in 1981 'n stygende bydrae in terme van rand en sent getoon het, was dit nie genoeg om met die besonderse groeikoers van die goudmyne, gepaard met 'n uiters gunstige goudprys, mee te ding nie. Die gemelde BGP-bydrae van die handelsektor is deur die 95,8%-bydrae van die goudmyne oorskadu.[196] Die handelsektor se bydrae tot die BGP van die distrik wat gedurende 1972 5,1% beloop het teenoor die 92,7% van die

---

[189] ***Die Vaderland**,* bylae, 16.10.1980, p.4 en ***Carletonville Herald**,* 9.10.1980, p.1.

[190] TBP, MCV, lêer 33/112(b)(5), Gebruik van grond Elandsrand: brief, Town Engineer Carletonville/Town Clerk Carletonville, 9.7.1979.

[191] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minute, 17.9.1980.

[192] ***Carletonville Herald**,* 20.6.1980, p.1 asook 17.10.1980, p.6 en 27.3.1981, p.1.

[193] ***Die Vaderland**,* bylae, 16.9.1980, pp.16,19 en Anon , "Carletonville, bellwether of change", ***Finance Mail**,* 81, 7.8.1981, p.684

[194] TBP, MCV, lêer 93/6/5/(3), Raad jaarverslae: jaarverslag van die burgemeester, 1980/81, p.3.

[195] ***Carletonville Herald**,* 27.3.1981, p.1 en Anon., "Carletonville, bellwether of change", ***Finance Mail**,* 81, 7.8.1981, p.684.

[196] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 04-01-01, ***Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik**, 1981,* 1981, pp.22-23.

goudmynbedryf, illustreer hierdie feit. Verder het die BGP-bydrae van die handelsektor op streeksvlak ook gedurende 1981 tot 13,9% gedaal, en dit is op sy beurt weer hoofsaaklik aan die besonderse groei van Roodepoort en Krugersdorp toe te skryf.[197]

Ondanks die swakker vertoning, vergeleke met die van ander dorpe in die Wesrand-Streek, het sakebedrywighede in Carletonville gefloreer. Die teenwoordigheid en ontwikkeling van die vermelde hiper handelsondernemings, wat skaars 'n dekade gelede 'n onwerklikheid was, het sekerlik gunstig op die vestiging van nog handelaars ingewerk. Eenmansake en die informele handelsektor (smoushandelaars) is egter langsamerhand hierdeur benadeel. Dit is 'n tendens wat ook landwyd sy tol onder handelaars geeïs het, vandaar die stigting van die Kleinsake Ontwikkelingskorporasie (KSOK) in 1981 om onder meer voornemende kleinhandelaars oral in Suid-Afrika te finansier.[198] Etlike sakeondernemings het sedertdien, danksy die KSOK, in Carletonville begin.[199]

Teen 1983 het die vooruitsigte op nywerheidsontwikkeling en verdere skagsinkings by die onderskeie myne[200] die Stadsraad laat besluit om verdere ontwikkelingsmoontlikhede vir die handelsektor van Carletonville to ondersoek. 'n Meesterplan vir die toekomstige ontwikkeling van die sentrale sakegebied is deur die Stads- en Streeksbeplanningsdepartement van die Munisipaliteit Carletonville opgestel.[201] Hierdie plan is egter nie op 'n amptelike grondslag ten uitvoer gebring nie. Die rede hiervoor was dat mnr. M. Mostert, die hoof stadsbeplanner en breinkrag agter die meesterplan, na Krugersdorp verhuis het.[202]

---

197 Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 09-01-01, Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1978, pp.21-23 asook verslag no. 04-01-01, Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1981, pp.22-23.

198 H. Murray (ed.), Small business development corporation, roots of enterprise, pp.6-8.

199 Teen Januarie 1989 het die KSOK vier kliente in Carletonville gehad. Betroubare statistiese gegewens vir die tydperk 1982 tot 1988 was egter nie beskikbaar nie. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, B. van Huyssteen (Verteenwoordiger, KSOK Johannesburg-tak), 18.2.1992.

200 Kyk hierdie hoofstuk p.208 asook ***Hoofstuk Vier**,* pp.173-175,185 as voorbeeld.

201 ***Carletonville Herald,*** 27.5.1983, p.4. asook 2.11.1984, p.14 veral ten opsigte van ander soortgelyke inisiatiewe van die Stadsraad geskoei op die ontruiming van munisipale persele vir sakedoeleindes.

202 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, M. Mostert, 15.11.1990. Die plan is vir vyf fases, wat tot die jaar 2000 strek, in die vooruitsig gestel. Kyk ook ***Carletonville Herald**,* 27.5.1983, p.5.

Ondertussen het handelsbedrywighede, ongeag hierdie vertraging, nietemin tussen 1984 en 1985 groei getoon. So byvoorbeeld het die hoeveelheid besighede van 575 tot 690 toegeneem, terwyl die getal handelslisensies wat uitgereik is, van 889 tot 998 verhoog het.[203] Dit is 'n indrukwekkende prestasie indien die swak nasionale ekonomiese klimaat in ag geneem word.[204]

So byvoorbeeld het die nasionale mondstuk van die Kamer van Koophandel, Assocom, gedurende Julie 1985 berig dat likwidasies van sakelui landswyd ernstige afmetings aangeneem het. Tot soveel as 110,7% insolvensies was toe al vir die eerste ses maande van die jaar aangeteken.[205] Volgens die BGP-syfers van 1984-85 in die handels- en finansieringsbedrywe vir die Wesrand-Streek het die Oberholzer-distrik in teenstelling hiermee snel gegroei. Die distrik se bydrae het egter, persentasiegewys, steeds konstant in die omgewing van 13,6% gebly. Dit is 'n aanduiding dat die ander dorpe in die streek ook 'n konstante groeikoers gehandhaaf het.[206] Derhalwe wil dit lyk asof die Oberholzer-distrik, sowel as die streek waarbinne dit resorteer, nie soseer met insolvensies belas was nie.

Die Stadsraad het eers gedurende 1986 en 1988 weer daadwerklik aandag aan die verdere uitbouing van die Carletonville-sakegebied gegee. Sodoende het die konstruksie van verskeie besigheidskomplekse 'n aanvang geneem om sogenaamd "nuwe lewe" in die dorp te blaas.[207] Hiermee het die Stadsraad, by wyse van die stimulering van sake-uitbreiding by die sentrale sakekern, gepoog om die bestaande kern as die vernaamste sakegebied in Carletonville te behou. Die strate Annanweg, Kaolinstraat sowel as Dolomiet- en Onyxrylaan,

---

[203] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan. 1973 - Des. 1988, 19.10.1988.

[204] 'n Ander indrukwekkende prestasie is die van Ed's Toyota (voorheen Eds' Motors) wat gedurende 1985 en 1988, en selfs nog tot 1992 toe, jaarliks die toekenning vir die beste en florerendste motorbedryf van die Toyota-Groep, landswyd ontvang het. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.F. Laubscher, 3.4.1992.

[205] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minute, 10.11.1985 en Republiek van Suid-Afrika, Raad van Handel en Nywerheid, verslag no. 2663, ***Jaarverslag,*** 1987, pp.2-3.

[206] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. P0401, ***Bruto geograftese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1984**,* 1984, pp.40-41.

[207] Carletonville Herald, 23.1.1987, p.1.

wat die sakegebied uiters toeganklik maak, was ook 'n vername rede vir die behoud van die bestaande sakekern.[208]

Byna tegelykertyd met bogenoemde verwikkelinge, het die gedagte van vryhandelsgebiede, as deel van 'n dereguleringsprogram, landwyd aandag geniet.[209] Op versoek van die Carletonvillese stadsvaders het die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning die moontlikheid van die twee voorgestelde vryhandelsgebiede in die oostelike dele van Carletonville se sakegebied, naamlik Amethysstraat en Diamondstraat, ondersoek.[210] Die twee voorgestelde vryhandelsgebiede was ten opsigte van ander kleurgroepe se handelsbedrywighede in die omgewing nie 'n nuutjie nie.[211] Indiërhandelaar R. Nosarka byvoorbeeld het alreeds in die sestigerjare binne die blanke sakekern besigheid gedoen.[212]

Die voorgestelde vryhandelsgebiede het nietemin ongunstige reaksie onder van die dorpsbewoners uitgelok.[213] Gestimuleer hierdeur het die plaaslike Afrikaanse Sakekamer, na jare van stilswye, gedurende Desember 1987 sy werksaamhede hervat. Vryhandelsgebiede as 'n moontlikheid vir Carletonville het waarskynlik tot heelwat reaksie onder lede aanleiding gegee.[214] Daarteenoor blyk dit dat die plaaslike Kamer van Koophandel en Assocom,

---

[208] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 2/8/2, Organisasie en beheer van Streekdiensterade, indeling van streek en afbakening van gebiede: memorandum van ondersoek van die Atbakeningsraad vir Plaaslike Owerheidsgebiede, 26.8.1986, p. 1.

[209] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 2/8/2, Organisasie en beheer van Streekdiensterade ..., brief, Streeksdirekteur Transvaalse Provinsiale Administrasie/Stadsklerk Carletonville, 2.6.1987 asook Raadsnotules: vergadering van die bestuurskomitee, 21.1.1986.

[210] ***Carletonville Herald**,* 18.12.1987, p.3 asook 11.3.1988, p.2.

[211] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 15/4/2-2/1276(105), Stadsbeplanning en Ontwikkelingsbeheer, wysiging van dorpsaanlegskema: application for the rezoning of erven 1276 Carletonville ext. 2, 1988.

[212] TBP, MCV, lêer 33/3, Wet op Groepsgebiede: brief, E.M. Nosarka/Town Clerk, Carletonville, 28.9.1960; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989 en die ***Carletonville Herald**,* 24.2.1989, p.14.

[213] Carletonville Herald, 11.3.1988, p.2.

[214] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.I. Posthumus (Voormalige voorsitter, Afrikaanse Sakekamer), 14.2.1989. Hierdie oplewing van die Afrikaanse Sakekamer was van korte duur, aangesien dit in Maart 1988, vanweë 'n gebrek aan belangstelling, weer eens doodgeloop het.

gunstig ten opsigte van die voorgestelde vryhandelsgebiede reageer het,[215] sonder enige verdere noemenswaardige reaksie.

Op 15 Desember 1988 is die twee vermelde sakegebiede binne die Carletonvillese sentrale sakekern deur die Regering as vryhandelsgebiede geproklameer.[216] Dit het daarop neergekom dat alle rasse voortaan wettiglik handel in die gebied kon dryf en persele kon huur.[217] Die Konserwatiewe Party (KP)-gesinde Stadsraad, wat sedert 26 Oktober 1988 die leiding by die vorige Nasionale Party (NP)-gesinde Stadsraad oorgeneem het, kon nie daarin slaag om die versoek van die vorige NP-Stadsraad in hierdie verband to herroep nie.[218]

Carletonville se jong KP-Stadsraad het egter spoedig, as blyke van sy politieke lojaliteit aan die Konserwatiewe Party, aandag aan die herinstelling van sogenaamde klein apartheid in die gebied begin skenk.[219] Assocom het die Stadsraad van Carletonville sowel as die stadsrade van ander dorpe wat hierdie stap oorweeg het se optrede veroordeel, aangesien dit toekomstige plaaslike en internasionale beleggings kon skaad.[220] Watter uitwerking hierdie voorspelling op Carletonville kon hê, sou die tyd wel leer.[221] Tot in hierdie stadium het die tersiêre bedrywighede in die Carletonvillese munisipale gebied nog groei getoon. Sowat 705 besighede het sake bedryf, en dit is ietwat meer as die 700 van 1986. Hierteenoor is 1 040 handelslisensies uitgereik vergeleke met 1986 se 1 008.[222] Sakebedrywighede was in

---

[215] ASSOCOM, ***Newsletter,*** 8.11.1988.

[216] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: vergadering van die Bestuurskomitee, 9.1.1989.

[217] Dit is bekend dat heelwat swart en Asiërsakemanne voor die proklamering van vryhandelsgebiede nietemin via goedgesinde blankes sakebelange in die dorp bedryf het, maar onder die vaandel van blankes. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989

[218] ***Carletonville Herald,*** 23.12.1988, p.22 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: vergadering van die Bestuurskomitee, 9.1.1989.

[219] Sien in die verband ***Carletonville Herald,*** 20.1.1989, pp.1-2,4,17 asook 27.1.1989, p.1 en 17.3.1989, p.1.

[220] ASSOCOM, *Newsletter,* 15.11.1988.

[221] ***Carletonville Herald,*** 3.3.1989, p.1 asook 10.3.1989, p.1; 24.3.1989, pp.1,9; 7.4.1989, p.1 en 5.5.1989, pp.1-2,15.

[222] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: verslag, getal besighede en lisensies uitgereik vir die jare Jan.1973 – Okt 1988, 19.10.1988.

hierdie stadium, soos gedurende die vorige jare, steeds grootliks van die gebied se hoe swart koopkrag van ongeveer 128 309 siele[223] vir hulle voortbestaan afhanklik.

Handelsondernemings wat teen 1988 in die Carletonville-gebied sake gedoen het, is:

***TABEL 10: ONDERNEMINGS IN DIE MUNISIPALE GEBIED CARLETONVILLE GEDURENDE 1988***

| ONDERNEMING | GETAL |
|---|---|
| Handelaars | 536 |
| Apteke | 14 |
| Motorhandelaars | 5 |
| Diensstasies | 42 |
| Pandjieshouers | 13 |
| Hotelle[224] | 3 |
| Banke | 10 |
| Versekeringsinstansies | 8 |
| Kafees | 57 |
| Bakkers | 10 |
| Haarkappers | 21 |
| Begrafnisondernemers | 2 |
| Troeteldierwinkels | 1 |
| Restaurante | 7 |
| Smouse | 28 |
| Verblyfsondernemings | 52 |
| Verhuurdienste | 14 |
| Droogskoonmakers/wasserye | 10 |
| Werkswinkels | 103 |
| Professionele besigheidsdienste | 48 [225] |

---

[223] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 10/1/2(2), Reklame, inligting, raadsembleme, brosjures en nuusbriewe: vraelys aan die Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 11.1.1989, p.5.

[224] Hotel Welverdiend het in die vroeë tagtigerjare gesluit. Die Neo Craft-fabriek het hierna die hotelgebou vir hulles sakedoeleindes benut. Die drie hotelle hier te sprake is die Carletonville-hotel, die President-hotel en die Oberholzer-hotel. Kyk J.C. Schutte, ***Wesrand Streekdiensteraad beplanningsindersoek,*** p.139 en ***Carletonville Herald,*** 16.33.1984, p.16.

[225] Die inligting vir die samestelling van tabel no. 10 is verkry uit: Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 10/1/2(2), Reklame, inligting, raadsembleme, brosjures en nuusbriewe: vraelys aan Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 11.1.1989, p.5; J.C. Schutte, ***Wesrand Streekdiensteraad beplanningsondersoek,*** p.306 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 2/8/2, Organisasie en

Verdere ontwikkeling en uitbreiding vir die blanke sakegebied van Carletonville was al teen die einde van 1988 gunstig.[226] Word die jong opkomende industriële Dorpsuitbreiding no. Ses hierby gereken, het vooruitsigte vir die sekondêre en tersiêre sektor van Carletonville in hierdie stadium rooskleurig voorgekom. Tog was die ontwikkelingsproses in beide, in die lig van die plaaslike mynbedrywighede wat al in 1937 'n aanvang geneem het, langsaam en nog ver van die Stadsraad en die gemeenskap se gekoesterde ideaal.[227]

### *5.4 DIE AKTIWITEITE VAN ANDER BEVOLKINGSGROEPE BINNE DIE PLAASLIKE HANDELSEKTOR: 'N HISTORIESE OORSIG*

'n Betrokkenheid van ander bevolkingsgroepe as die blankes in tersiêre bedrywighede[228]in die Carletonvillese munisipale gebied was hoofsaaklik vanuit Indiergeledere. Dit was reeds voor 1948 aan die gang, aangesien sommige reeds sedert die twintigerjare al in die Bank-omgewing sake gedoen het. Hiervan is die bedrywighede van die Nosarka-familie sekerlik die bekendste en staan nasate selfs nou nog aktief in die handelsbedryf.[229]

Nadat Carletonville in 1948 geproklameer is, was die swaartepunt van die Indiersakesektor nog hoofsaaklik in die omgewing van Bank. Skynbaar het blank en Asiër toe, sonder probleme, naas mekaar sake gedoen.[230] Na die NP in 1948, met sy leuse apartheid, aan bewind gekom het, het die toedrag van sake op Bank geleidelik verander. Die afbakening van groepsgebiede sedert 1952 het nie voorsiening vir 'n Indiergroepsgebied in die

---

beheer Streekdiensterade, indeling van streek en die afbakening van gebiede: memorandum, Afbakeningsraad vir plaaslike owerheidsgebiede ..., 1986-87, p.2.

[226] Carletonville Herald, 3.2.1989, p.1.

[227] Hier word gedink aan die studies met betrekking tot die toekoms van die West Wits-gebied, en die uitbou van sy potensiaal wat veral in 1978 en in 1982 daadwerklik aandag geniet het. Kyk ***Hoofstuk Twee**,* pp.40-41.

[228] So ver bekend is die oprigting van 'n bierbrouery en biersaal vir swart amuse naby Khutsong in 1959 die enigste ***sekondêre*** bedryf. Kyk Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 33/0/139, Naturelle lokasies: verslag, 20.2.1959.

[229] ***Carletonville Herald**,* 30.1.1970, p.11 asook 17.6.1983, p.9; E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand ...,*** p.44 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989. Dit blyk dat geen Kleurlinge of swam mense teen 1956 as handelaars in die Carletonville-gebied gevestig was the. Kyk PU vir CHO, ***Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2 ..., verslag no. 3, 1956****/57,* p.75.

[230] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, B.A. Nosarka, 8.2.1989.

onmiddellike omgewing van Bank gemaak nie. Dit geld ook vir die Kleurlinge wat toe binne die regsgebied van die Plaaslike Gebiedskomitee woonagtig was.

Teen 1952 is aanvaar dat die sowat 200 Indiërs en 300 Kleurlinge hulle in die Indiër- of Kleurlingwoongebiede van naburige dorpe sou vestig.[231] Dit het egter, vanweë die afstand tussen die dorpe en hul sakebedrywighede op Bank, nie gebeur nie Vervolgens het ontevrede blankes op Bank klagtes en petisies oor die toedrag van sake op Bank opgestel om daardeur Indiër handelaars te dwing om uit Bank weg te trek.[232] Onderwyl 'n hofsaak in die verband aan die gang was, het Indiërsakelui voortgegaan om op Bank handel te dryf[233] en die blanke gemeenskap het steeds die Indierwinkels ondersteun. Na die hofuitspraak ten gunste van die Indiërs het Indiërsakebedrywighede in die gebied vir eers sy gang gegaan en was dit glo steeds gewild.[234] Dit geld ook vir die Indierhandelaars wat hulle in Welverdiend en Oberholzer bevind het as onder meer algemene handelaars, slagters en handelaars van vars produkte.[235]

Sedertdien is die swart dorp Khutsong opgerig. 'n Subkomitee van die Wes Witwatersrandse Naturellesake het in Augustus 1958 verslag oor die hoeveelheid en tipes besighede wat in die dorp opgerig kan word, gedoen. Volgens die verslag kon slegs een van elk van die volgende bedrywe vir 200-400 families toegelaat word: kruidenier, klereuitruster, groentewinkel en slaghuis. Wat skoenmakers, meubelmakers, Mere- en kolehandelaars betref, is slegs een per 500-1 000 families bepaal, en slegs een motorhawe per 1 000 woonpersele. Voorts is die totale getal besigheidserwe, naamlik 221, nog verder tussen die

---

[231] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 4/0/149, Groepsgebiede - algemeen: verslag, voorgestelde groepsgebiede deur die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 13.10.1958, p.1. Kyk ook ***Hoofstuk Twee,*** pp.46-49.

[232] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.

[233] Die hof het in 1952-53 bevind dat Indiërhandelaars the wederegtelik op Bank handel dryf the. Vanweë 'n gebrek aan 'n ander nabygeleë gebied vir die mense het die hof die saak ten gunste van die Indiërs gesluit. Kyk dokumente oor hofsaak in R.A. Nosarka se besit.

[234] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R. A. Nosarka, 8.2.1989.

[235] PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2 ..., verslag no. 3, 1956/57, p.75.

verskillende swart etniese groeperings onderverdeel. Hiervan is 179 besigheidserwe aan die Wes-Sotho toegese, terwyl die Pedi die minste, naamlik drie gekry het.[236]

'n Belangrike aspek wat ook vermelding in bogenoemde verslag geniet, is dat geen Indiërhandelaars in Khutsong toegelaat moes word nie.[237] Dit was inderdaad ook volgens Regeringsbeleid. Dit blyk dat swart handelaars heel gretig was om hulle in Khutsong te vestig.[238] Geriewe was egter aanvanklik skaars, en gevolglik het weinig teen November 1958 al hier sake gedoen. 'n Handelsprojek vir Khutsong, ter waarde van £12 000, was wel in hierdie stadium aan die gang[239] en sou kon meewerk om hierdie probleme te oorbrug.

'n Ander probleem wat ondervind is, was dat Indiër- en blanke handelaars tog die bewoners van Khutsong bedien het deur, sogenaamd, bestelde produkte in die dorp of te lewer. Aangesien dit nie verbied kon word nie, is daar gepoog om so spoedig moontlik die nodige infrastrukturele dienste in Khutsong te vestig.[240] Dit sou dan ook etlike sakebedrywighede in plakkerkampe van die omgewing kon absorbeer en help om dergelike kampe uit te faseer.[241]

Nadat Carletonville in 1959 munisipale status verkry het, het die groepsgebiede-aspek weer ter sprake gekom. Die Stadsraad het die Suid-Transvaalse Komitee insake Groepsgebiede

---

[236] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 33/0/139, Naturelle lokasies: notule, 7.6.1957. Kyk ook ***Hoofstuk Twee,*** pp.43-44 vir algemene besonderhede hieroor.

[237] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer NAD N9/7/149, Naturellesake Onderkomitee Wes-Witwatersrand Streekskomitee: verslag, Wes-Witwatersrandse Naturellesake Onderkomitee, 22.8.1958.


[238] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer N118/9/61, Handelsfasiliteite, Khutsong: brief, J. Nxumalo/Superintendent Khutsong Location, 2.4.1958. Soortgelyke aansoeke om handelslisensies vir die oprigting van 'n besigheid te Khutsong is ook in dieselfde jaar ontvang. Onder hulle het die van J. Tselanyane, M.P. Selebogo en Anna Modise getel.

[239] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer N118/9/61, Handelsfasiliteite, Khutsong: Wes-Witwatersrand Naturelle Subkomitee-vergadering, 25.7.1958.

[240] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer 4/0/149, Groepsgebiede - algemeen: notule, Naturelle Adviserende Komitee vir Khutsong lokasie, 6.11.1958.

[241] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer N118/9/61, Handelsfasiliteite, Khutsong: aansoeke, M.Sathekge, 18.7.1958 asook B. Rampai, 9.7.1958.

**Bombay Silk Bazaar te Bank.**




Bron: I. Nosarka.

**Etlike Indiërsakebedrywighede in Diamondstraat gedurende die sestigerjare.**



Bron: Gold Fields of South Africa Limited.

versoek om die Carletonvillese munisipale gebied slegs vir die doeleindes van die blanke ras te proklameer.[242] Byna tegelykertyd hiermee het E.M. Nosarka van Bombay Silk Bazaar te Bank aansoek gedoen om 'n vakante perseel in Ingot House binne die sakegebied van Carletonville te betrek.[243] Laasgenoemde is nie deur die Stadsraad toe gestaan nie.[244] Ondertussen het die Suid-Transvaalse Komitee ook nie aan die versoek van die Stadsraad voldoen nie. Die rede hiervoor was dat Carletonville ietwat te afgeleë is om by die Streeksbeplanning van die Wesrand in te skakel.[245]

Die vaagheid in verband met 'n pertinente groepsgebied vir die Asiërs en Kleurlinge in die Carletonville-gebied, en die Stadsraad se weiering van die plasing van onder meer Asiër handelaars in blanke gebied op gronde van landsbeleid, het tot onwettige sakeondernemings gelei. Dit het veral geblyk dat Asiate, onder die vaandel van blanke eienaars, sakepersele in die blanke gebied beset het.[246] In samewerking met die blanke Kamer van Koophandel het die Stadsraad gepoog om sulke onwettighede oop te vlek. Die Kamer was oënskynlik self nie die aanwesigheid van Indiërhandelaars in die Carletonvillese dorpsgebied goedgesind nie. Dit blyk onder meer uit 'n "terloopse" vermelding tydens 'n vergadering dat Nosarka die Kamer om 'n donasie gevra het met die oog daarop om 'n Indierkamer van Koophandel op die been te bring, waarna besluit is om nie hierop te reageer nie.[247]

---

[242] TAB, TPB, Band 3951, lêer TALG 21-2-146, Ondersoek na die wenslikheid van die instelling vangroepsgebiede by Carletonville: verslag, 19.6.1961, p.2.

[243] TAB, TPB, Band 3951, lêer TALG 21-2-146, Ondersoek na die wenslikheid van die instelling vangroepsgebiede by Carletonville: verslag, 19.6.1961, p.2.

[244] TBP, MCV, lêer 33/3, Wet op Groepsgebiede: brief, Director SAIRR/Town Clerk, Carletonville, 14.3.1966 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.

[245] TAB, TPB, Band 3951, lêer TALG 21-2-146, Ondersoek na die wenslikheid van die instelling van Groepsgebiede verslag, 19.6.1961, pp.2-3. 'n Petisie, onderteken deur sowat 274 blankes, het ook hulle steun aan die handhawing van die status quo in die gebied toegese. Voorts is dit bekend dat Carletonville vanaf 1975 wel as deel van die Wesrand beskou is. Kyk ***Hoofstuk Twee**,* pp.39-40.

[246] TBP, MCV, lêer 33/3, Wet op Groepsgebiede: brief, Stadsklerk Carletonville/Suid-Transvaalse Komitee Groepsgebiederaad, 2.8.1962 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.

[247] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 23.8.1962 asook 18.11.1963.

'n Indiërsakekamer is nietemin teen 1962 onder voorsitterskap van E M. Nosarka gestig.[248] Besigheidspersele is in hierdie stadium ook op die basis van 'n keusestelsel aan Indiërs in Carletonville toegestaan,[249] Dus was die verkryging van 'n lisensie nie so maklik nie. Indiersakelui het gevolglik steeds handelslisensies op blankes se naam vir handelsdoeleindes in die sentrale sakekern van Carletonville probeer bekom. Dit was 'n tendens waarmee ander dorpe ook te doen gehad het en waaroor geeneen die ideale oplossing gehad het nie.

Ondertussen het die vestiging van sakebedrywighede in Khutsong fluks gevorder.[250] Selfs 'n tweede bierdepot (wat deur die Stadsraad bedryf is) het in 1965 die lig gesien.[251] Probleme is egter steeds met eksterne handelaars, wat op 'n omstrede wyse klandisie weg van handelaars in Khutsong getrek het, ondervind.[252]

Wat die sinkgatprobleem van die sestigerjare betref, het die nie soseer swart handelaars van Khutsong se bedrywighede geraak nie. Versakkings het eerder verder noordoos voorgekom, en Indiërsakelui op Bank is swaar getref.[253]

As uitvloeisel van die grondversakkings op Bank was die Indiërsakekamer in hierdie stadium baie aktief. Bewus daarvan dat die Groepsgebiedewet Indiërs gebiedsgebonde verklaar het en handelslisensies elders moeilik verkrygbaar was, is die Stadsraad deur die Sakekamer versoek om die hervestiging van Indiërs in die Carletonville-omgewing te oorweeg.[254] Bank

---

[248] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989. 'n Presiese jaar van stigting is nie verkry nie.

[249] TAB, TPB, Band 3951, leer TALG 21/2/146, Ondersoek na die wenslikheid al clan the, van die instelling van Groepsgebiede verslag, 19.6.1961 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 20.5.1965 asook 24.6.1965 en 21.10.1965.

[250] TAB, MCV, Band 4, lêer 2/2, Amptelike onthale en funksies: verslag van die burgemeester, April 1962.

[251] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2/2(2), Inhuldigingsplegtighede, 9.3.1965, p.16 en ***Carletonville Herald,*** 14.2.1965, p. 1.

[252] TBP, BAO, Band 967, lêer A120/1108(1), Handel stadsgebiede: brief, Stadsklerk Carletonville/Sekretaris Dept. Bantoe administrasie en - ontwikkeling, 1946.

[253] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.

[254] TBP, MCV, lêer 33/3/3(b), Asiate: brief, E.M. Nosarka/Town Clerk Carletonville, 7.4.1969 asook 14.4.1969 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.

veral is as die tuiste vir die Indiërs beskou. Aan hierdie versoek kon egter nie voldoen word nie, aangesien alle inwoners van Bank in 1970 aangesê is om die gebied te ontruim.[255]

Vir die Indiërhandelaars was die verhuising uit Bank 'n traumatiese ervaring, aangesien die uiteinde hiervan was dat baie na die Indiërdorp Lenasia, naby Johannesburg, moes trek. Ook die Nosarkas het hierheen verhuis, hoewel hulle hul besigheid in Carletonville, naamlik Edura, behou het en tans steeds bestuur. Gedurende 1969-70 het die besigheid reeds 'n omset van ongeveer vier miljoen rand per maand gehad. Vanweë Edura se direkte kontak en aankope van klere, veral materiale, op oorsese markte dien dit selfs as 'n sentrum wat besighede landwyd voorsien. Dit is dus te verstane dat hulle hierdie "goudmyntjie" in 1970 al ten alle koste wou behou.

Teen 1976, nadat die bedrywighede van die plaaslike sakesektor genormaliseer het, het die blanke Kamer van Koophandel aandag aan die moontlikheid van 'n swart Kamer van Koophandel geskenk.[256] Dit is ironies dat die blanke Kamer, wat etlike jare gelede die plaaslike Indiërsakekamer aan sy lot oorgelaat het, nou tog bereid was om pionierswerk met betrekking tot 'n swart sakekamer te doen. Dit is moontlik dat die politieke klimaat in Suid-Afrika, wat toe al baie verander het sedert die regeringstydperk van dr. H.F. Verwoerd in die sestigerjare, 'n groot rol in die veranderde gesindheid kon gespeel het. Hoe dit ook al sy, die groei van die swart sakesektor in Khutsong het die behoefte aan die stigting van 'n swart sakekamer gestimuleer.

Bovermelde groei in swart en Indiërsakebedrywighede kan ook alleenlik aan die fenomenale swart koopkrag toegeskryf word.[257] 'n Uitspraak wat in die vroeë tagtigerjare gemaak is naamlik, ***without the blacks, this town would dry up and in a few years they will do all the spending***[258] is inderdaad waar, aangesien blanke, swart en Indiërsakelui veral op swart koopkrag steun.

---

[255] Kyk ***Hoofstuk Twee**,* pp.36-37.
[256] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989. Edura het teen 1989 'n omset van R20 miljoen rand per maand getoon.

[257] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Carletonville Chamber of Commerce, minutes, 28.9.1976 asook 26.10.1976. Of die poging gerealiseer het, is nie duidelik nie.
[258] Anon., "Carletonville bellwether of change", ***Finance Mail**,* 81, 7.8.1981, p.684.

**Die ou afgebrande Edura sakesentrum, 1987.**






Bron: R.A. Nosarka.

**Die nuwe Edura-sakesentrum.**




**R.A. Nosarka.**



Bron: R.A. Nosarka.

Die hervestiging van Asiërs te Blybank gedurende 1982-83[259] het permanensie aan die posisie van Indiërsakelui in die Carletonville-gebied verleen. Hulle bedrywighede in die sentrale sakegebied van Carletonville is, ten spyte van kritiek aangaande hulle teenwoordigheid,[260] goed ondersteun. Blykbaar het 100 Indierwinkels teen 1988 in die sakegebied voorgekom. Hiervan was Edura verreweg die florerendste, ten spyte van 'n terugslag na 'n brand in die ou Edura-gebou gedurende 1987.[261]

Die meeste swart verbruikers het teen 1988 in Carletonville sowel as in Khutsong se sakesentrum, Boikhutsong, sake gedoen.[262] Dus het vroeëre skemas om die onderskeie kleurgroepe se sakebedrywighede apart te bevorder, nie die lig gesien nie. Dit blyk eerder dat daar gedurende die jare tagtig 'n neiging was om met die bedrywighede binne die blanke sakesektor aansluiting te vind. Die daarstelling van twee vryhandelsgebiede in 1988 het dit verder bevestig.[263]

### *5.5 DIE BGP-POSISIE VAN NYWERHEDE EN DIE HANDEL TEENOOR DIE RES VAN DIE PLAASLIKE EKONOMIE EN SUID-AFRIKA*

Die bydrae wat die plaaslike sekondêre en tersiêre sektor in geheel[264] tot die BGP van Suid-Afrika en die Wesrand-Streek gelewer het, het gedurende die tagtigerjare soos volg vergelyk:

---

[259] Kyk ***Hoofstuk Twee**,* p.48 in die verband.

[260] D.E. Watchman, "Openingsrede" (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, September 1982, p.22. Hiertydens is gese dat Indikhandelaars die status van die Carletonvillese sakesektor met 20% laat daal.

[261] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, leer 2/8/2, Organisasie en Beheer ...: memorandum, Afbakeningsraad vir Plaaslike Owerheidsgebiede, 1987.

[262] ***Seipone**,* September 1988, p.4.

[263] **Carletonville Herald**, 23.12.1988, pp.1-2.

[264] Kyk soos verduidelik het op p.197 voetnote 1,3.

***TABEL 11: DIE BGP-BYDRAE VAN DIE CARLETONVILLESE SEKONDêRE EN TERSHRE SEKTOR, VERGELEKE MET DIé VAN DIE WESRAND-STREEK EN SUID-AFRIKA, 1981-1984***

| Jaar | BGP Carletonville | BGP Wesrand-Streek | BGP Suid-Afrika | % van Wesrand deur Carletonville | % van Suid-Afrika deur Carletonville |
|---|---|---|---|---|---|
| 1981 | 70 206 | 912 460 | 38 256 604 | 7,6 | 0,1 |
| 1984 | 130 918 | 1 180 969 | 57 753 895 | 11 | 0,2 [265] |

Volgens die statistiese gegewens in tabel 11 is dit opvallend dat Carletonville nie 'n besonderse posisie ten opsigte van die sekondêre en die tersiêre sektor in die streek en in Suid-Afrika inneem nie. Die bydraes, persentasiegewys, is gering maar bevestig minstens dat groei plaaslike aan die orde was, en die BGP-bydrae van Carletonville toegeneem het.

Volgens die samevattende, vergelykende BGP-gegewens in grafiek 10, p.243a met betrekking tot die bydrae van al die ekonomiese sektore to Carletonville soos bespreek vanaf hoofstukke drie tot vyf, was die mynbousektor teen die tagtigerjare steeds die oorheersende ekonomiese impuls in die gebied. Die skryfster Jill Nattrass se opmerking dat ***the development of a modern mining sector in an otherwise underdeveloped economy, often leads to very little further economic development in the region***,[266] is inderdaad deels ten opsigte van die ekonomiese gesteldheid van die Carletonville munisipale gebied waar. Dit word gemerk in die BGP-bydraes van die handelsektor, die fabriekswese en die landbousektor.


Die bydrae van die handelsektor vertoon naas die van die mynbou die beste en was teen 1984 selfs beter as die van die dorpe Westonaria en Randfontein wat ook deel van die WesrandStreek uitmaak. Volgens grafiek 10, p.243a dra die sekondêre sektor die derde meeste tot die BGP van die Oberholzer-distrik by en vergelyk dit ook nie so goed met die van die meeste dorpe in die res van die streek nie.

---

[265] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. P0401, ***Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1984,*** 1989, pp.15,40-41.
[266] J. Nattrass, The South African economy, its growth and change, p.142.

## GRAFIEK 10

### Die bydrae van die landbou, mynbou, fabriekswese en handelsdienste tot die BGP van die distrik Oberholzer (Carletonville-gebied), 1972 - 1984: 'n vergelyking




Bronne: REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 09-14-05, *Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1978*. Pretoria: Staatsdrukker, 1978.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. P0401, *Bruto geografiese produk teen faktorinkome volgens landdrosdistrik, 1984*. Pretoria: Staatsdrukker, 10.7.1989.

Laastens volg die landbousektor waarvan die BGP-bydrae teen 1984 vanweë 'n knellende landswye droogte drasties ontwrig is. Die droogte het trouens op alle dorpe in Streek no. 75 'n negatiewe uitwerking gehad, en die Oberholzer-distrik is die swaarste getref.

Alhoewel die Oberholzer-distrik se landbou teen 1988 beter daar uitgesien het, kom dit voor asof die totale ekonomiese gesteldheid van Carletonville in hierdie stadium dieselfde patroon van vooruitgang as in 1984 en daarvoor (kyk grafiek 10, p.243a) gehandhaaf het. Of pogings na 1988 hierdie tendens van 'n dominerende mynbousektor na 'n meer gebalanseerde ekonomiese bestel sou verander, soos dit wel met die Witwatersrand die geval is, sal die tyd leer.

### *5.6 TEN SLOTTE*

Dorpsontwikkeling gepaard met 'n goed toegeruste ekonomiese infrastruktuur is egter onlewensvatbaar sonder 'n behoorlike kommunikasienetwerk. Die belangrikheid en die historiese ontwikkeling van die plaaslike verbindingsweë en kommunikasiewese vir die pas bespreekte sektore in hoofstukke drie tot vyf word in ***Hoofstuk Ses*** toegelig.